

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. Doelstelling van die proefskrif

Die primêre doel met die proefskrif is om meer van die aard, omvang en verspreiding van metaalbewerkingsoorblyfsels in die Phalaborwa-omgewing te wete te kom. Met behulp van etnohistoriese inligting is vervolgens vasgestel wie met die kulturele oorblyfsels verbind kan word, terwyl laasgenoemde ook in 'n tydsverband in die navorsingsgebied georden is.

Die Phalaborwa-omgewing was nog altyd uitgesonder as die gebied met die mees gekonsentreerde voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels in Suid-Afrika. Die oorblyfsels se bestaan is reeds vir die afgelope vyf-en-sewentig jaar bekend, hetsy deur publikasies in vroeë geologiese verslae (bv. Hall 1912 en Trevor 1912) wat die voorloper was van moderne mynbedrywigheede wat in die vyftigerjare in die gebied begin is, en hieropvolgende daadwerklike argeologiese navorsing wat in die laat sestiger- en vroeë sewentigerjare 'n aanvang geneem het.

Die navorsingsgebied waarop gekonsentreer is, is die sogenaamde Loole-terreinkompleks, dit wil sê die gebied rondom die oorspronklike Loolekop (Rakhuma) wat ook deel vorm van die sentraal geleë karbonatietyp van die Palabora Stollingskompleks. Ystertydperkgemeenskappe het hulle koper- en ystererts deur onderskeidelik rudimentêre mynboutegnieke en oppervlakte-insameling vanaf en rondom die kop verkry, en by siënietskoppies verwerk wat verspreid rondom die karbonatietyp voorkom. Die afbakening van die Loole-terreinkompleks as navorsingsgebied in die groter Phalaborwa-omgewing word breedvoerig in Hoofstuk III (vgl. III:1) bespreek.

Die navorsing is ook primêr toegespits op die latere gedeelte van die Ystertydperk, dit wil sê die tydperk vanaf ca1600 - 1900. Vir dié tydperk is etnohistoriese inligting aangaande die oorsprong, lotgevalle en vestiging van verskillende groepe metaalbewerkende gemeenskappe in die huidige Phalaborwa-omgewing bekend. Die tydvak word gekenmerk deur die binnekoms van verskillende kultuurgroepe waarvan sommige reeds voor die koms van die oorspronklike baMalatji (of baPhalaborwa) in die omgewing voorgekom het, terwyl ander groepe na die baMalatji gearriveer het. Die kultuurgroepe wissel in herkoms vanaf Nguni, Sotho, Venda, Tsonga

tot kultuur-vermengde groepe soos die Shangana-Tsonga. Die vestiging van die gemeenskappe, waarvan sommige volgens oorlewering bekende en bedrewe metaalbewerkers was, het by sekere sleutelterreine plaasgevind wat dikwels reeds deur vroeëre intrekkers beset was of by ander prominente siënietskoppies van die gebied. Die amalgamering van verskillende kultuurgroepe (wat hoofsaaklik gekenmerk word deur 'n metaalproduserende bedryf) tot die kontemporêre baPhalaborwa, sou oor twee- tot driehonderd jaar 'n navorsingswaardige patroon en verspreiding van argeologiese materiaal, en in besonder metaalbewerkingsoorblyfsels, tot gevolg gehad het.

Die doel met hierdie studie van die aard van metaalbewerkingsoorblyfsels van die navorsingsgebied, is om vas te stel watter tipes metale in die gebied geproduseer is en welke prosesse gevolg is in die bewerking van die metale. Weens die vernietiging van Loolekop as die belangrikste bron vanwaar magnetiet en gemineraliseerde kopererts herwin is, kan geen verdere inligting oor veral die mynboumetodes van gemineraliseerde kopererts by Loolekop verkry word nie. Hoewel in die proefskrif verwys word na die prosesse wat by die bewerking van yster en koper betrokke was, poog die studie nie om 'n argeo-metallurgiese ondersoek van die tegnologiese prosesse en geassosieerde oorblyfsels te onderneem nie.

Die yster en koper wat in die navorsingsgebied geproduseer is, is deur twee basiese prosesse bewerk wat in detail bespreek word in Hoofstuk V (vgl. 4.1.1.1; 4.1.1.2; 4.1.2.1 & 4.1.2.2). Die prosesse kan oorsigtelik beskryf word as primêre of reduksie-aktiwiteite waarna die geproduseerde produkte sekondêr verwerk is deur smidsaktiwiteite (yster en koper), of deur die geproduseerde koper te smelt en dus te omskep tot gebruiksartikels. Gedurende die reduksieprosesse word die minerale van yster en geoksideerde kopererts chemies verander terwyl die geproduseerde metale hierop deur sekondêre bewerkingsprosesse fisiese verandering ondergaan. In teenstelling met yster wat slegs gereduseer kan word en daarna deur smidsaktiwiteite verder verwerk word, word sekondêre of gemineraliseerde kopererts ook gereduseer ("smelt"), waarna dit deur 'n sekondêre bewerkingsproses gesmelt ("melt") kan word. Gedurende laasgenoemde proses kan die geproduseerde koper ook na gelang van wat daarmee beoog word, warm of koud gesmee word.

Deur die omvang van die metaalbewerkingsoorblyfsels te bestudeer, is eerstens vasgestel hoe omvangryk dié bedryf in die navorsingsgebied verteenwoordig is, hetsy vanaf 'n mikrovlak soos 'n enkele terrein tot op 'n mesoskaal soos deur die oorblyfsels in die Loole-terreinkompleks gemanifesteer word. 'n Grotere geografiese

of makro-beskouing van die voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels in die omgewing van Phalaborwa, Mica en die Nasionale Krugerwildtuin word verkry uit die oorsigtelike beskrywing van navorsingsgebiede soos die Sekgopo- en GaMašišimale-terreinkomplekse aangrensend aan die Loole-terreinkompleks (vgl. Hoofstuk III).

2. Metodiek

Die aard, omvang en verspreiding van die metaalbewerkingsoorblyfsels in die Phalaborwa-omgewing is bestudeer eerstens deur dié gebied oorsigtelik geografies te verken. Na die uitvoer van die gebiedsondersoek wat 'n groot deel van die Letabadi-distrik omvat, is drie argeologiese gebiede of terreinkomplekse hoofsaaklik op grond van geografiese ligging in die landdrostdistrik onderskei. Die terreinkomplekse is die primêre navorsingsgebied van die proefskrif, nl. die Loole-terreinkompleks, die Sekgopo-terreinkompleks in die Nasionale Krugerwildtuin (NKW) en die GaMašišimale-terreinkompleks wat hoofsaaklik rondom die Ga-Mašišimale-heuwels op die plase Lilly (148 KT), Hope (149 KT) en Square (150 KT) gekonsentreer is.

Die verdeling van die Phalaborwa-omgewing in drie terreinkomplekse is onderneem op grond van geografiese en dus praktiese oorwegings, maar ook weens die navorsingsdoelwitte van die proefskrif. Ook het bewarings- en reddingsoorwegings 'n rol gespeel in die finale keuse van die Loole-terreinkompleks as die primêre navorsingsgebied. Terreine van die Loole-terreinkompleks word nie net in mondelinge oorlewering verbind met die baPhalaborwa nie, maar het ook van al drie die navorsingsgebiede die digste konsentrasie en hoogste voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels. Die terreine van dié gebied word verder voortdurend bedreig en dikwels uitgewis deur mynbou-aktiwiteite, sodat sekere van die opgrawings terselfdertyd reddingspogings was voordat van die terreine onder uitskothope verdwyn het.

Die groter gebiedsondersoek is gevolg deur 'n intensiewe streekopname in die Loole-terreinkompleks waartydens soveel as moontlik terreine geïdentifiseer is met die hulp van informante en lugfoto's. Al die terreine word verbind met die prominente siënietkoppies van die gebied, en het feitlik sonder uitsondering almal nog hulle histories-bekende name wat vanaf informante verkry is. Die streekopname is per voertuig uitgevoer waar paaie beskikbaar was, andersins is terreine per voet opgespoor na die bestudering van lugfoto's. Sowat 50 terreine is in die gebied geïdentifiseer.

Gedurende die streekopname is terreine so deeglik as moontlik verken. Aandag is geskenk aan die identifisering van alle moontlike geassosieerde terreinkomponente, dit wil sê metaalbewerkings- en woonterreinoorblyfsels van terreine. Sodoende is gepoog om yster- en/of koperbewerkingsterreine op of in assosiasie met die koppierterreine op te spoor, terwyl gelet is op die aan- of afwesigheid van woonterreinoorblyfsels en die omvangrykheid van laasgenoemde. Die streekopname-inligting is voortdurend gekontroleer en aangevul met chemiese analise van slakke ten einde metaalbewerkingskomponente positief as yster- of koperbewerkingsterreine te identifiseer. Dié inligting is aangevul met data wat hoofsaaklik gedurende die opgrawings ingesamel is om 'n aanduiding te verkry van die moontlike prosesse wat gevolg is in die bewerking van die metale, dit wil sê of dit primêre reduksie of sekondêre smidsverwerking of smeltbedrywinghede (koper) was.

'n Elftal (of 20%) van die opgespoorde terreine in die Loole-terreinkompleks is hierop geselekteer vir opgrawing en detailondersoek ten einde meer van die aard en omvang van metaalbewerking op die terreine vas te stel. Die seleksie van die terreine het geskied na gelang van 'n terreinklassifikasie waarvolgens vier groepe terreine in die navorsingsgebied onderskei is op grond van die kenmerke van die woonterrein- en metaalbewerkingskomponente van die groepe terreine.

Die opgrawings wat uitgevoer is, was in enkele gevalle streekproefopgrawings van terreinkomponente. In ander gevalle is terreinkomponente feitlik volledig opgegrawe aangesien dit in iedere geval onder uitskothope sou verdwyn. Met die uitvoer van die opgrawings en streekopname is verskillende soorte probleme ondervind wat breedvoerig bespreek is in Hoofstuk IV (vgl. 5.4.).

Omdat die aard en omvang van metaalbewerking in die Loole-terreinkompleks nie verstaan kan word deur 'n studie van die metaalbewerkingsoorblyfsels alleen nie, is ook aandag gegee aan die bestudering van ander terreinkomponente soos woonterreinoorblyfsels. Uit die opgrawing en bestudering van laasgenoemde soos dit veral op die terrasse van koppies aangetref word, is in der waarheid meer van die aard, omvang en voorkoms van yster- sowel as koperbewerking in die navorsingsgebied te wete gekom. Die ondersoek en opgrawing van woonterreinkomponente het dan ook die omvangrykheid of beperktheid, en in sekere gevalle die afwesigheid daarvan, op sekere terreine bevestig. Die verskynsel in samehang met die aard van die metaalbewerkingsoorblyfsels (yster- en/of koperbewerking) op terreine, het die grondslag of vertrekpunt gevorm waarvolgens die terreine van die navor-

singsgebied in vier groepe verdeel is, en waaruit terreine vervolgens geselekteer is vir opgraving en ondersoek.

'n Terreinklassifikasie is dus uit die streekopname-inligting en opgrawingsdata saamgestel wat beskou word as algemeen verteenwoordigend van die tipes terreine wat in die Loole-terreinkompleks onderskei word. Uit die streekopname en opgrawings is dus kenmerke of kenmerkkombinasies, dit wil sê attribute of attribuutpakkette onderskei om die terreine van die navorsingsgebied in unieke onderskeibare groepe te verdeel.

Die terreinklassifikasie maak voorsiening vir vier groepe terreine (Groep I - IV) waarvan Groep I- en Groep III- terreine die maklikste herkenbaar is. Hoewel duidelike strukturele en dus funksionele verskille tussen die groep terreine voorkom, is daar ook ooreenkomste tussen die algemene kenmerke of kenmerkkombinasies van die groepe terreine se terreinkomponente. Die vier groepe terreine vorm dus nie absolute waterdigte of onderskeibare terreingroepe nie.

Soos genoem, word Groep I- en Groep III- terreine die maklikste onderskei - eersgenoemde deur die afwesigheid van betekenisvolle of selfs enige woonterreinoorblyfsels - en dus slegs deur die voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels (yster en/of koper), sodat die terreine ook getipeer word as industriële terreine. Hierteenoor word Groep III- terreine gekenmerk deur die voorkoms van yster- sowel as koperbewerkingsterreine en uitgebreide woonterreinoorblyfsels. Die terreine word onder andere verbind met kapteins of leiersfigure van die baPhalaborwa. Terreine met beperkte woonterreinoorblyfsels en dus klein gemeenskappe wat òf yster òf koper op 'n kleiner skaal bewerk het, word aangetref by Groep II- terreine.

Die vierde groep terreine wat onderskei is, is 'n arbitrêre indeling aangesien die terreine ook gekenmerk word deur uitgebreide woonterreinoorblyfsels terwyl slegs die oorblyfsels van ysterbewerking by die terreine aangetref is. Dit is egter moontlik dat die twee terreine wat ondersoek is en as Groep IV- terreine geklassifiseer is, ook as Groep III- terreine geklassifiseer kan word sodra aanduidings van die bewerking van koper op die terreine opgespoor kan word. Trouens, inligting wat onlangs bekom is, dui daarop dat yster en koper by Sebatini bewerk is sodat die terrein ook as Groep III- geklassifiseer kan word.

Die terreinklassifikasie verskaf dus nie net 'n beter begrip van die aard, omvang en verspreiding van die metaalbewerkingsoorblyfsels van die navorsingsgebied

nie, maar help uiteraard met die ordening, beskrywing en aanbieding van die streekopname- en opgrawingsdata. Hoewel die tydskaal wat deur die navorsing gedek word relatief kort is, is met behulp van die terreinklassifikasie, etnohistoriese inligting en radiokoolstofdaterings 'n relatiewe chronologie vir die terreintipes en hulle geassosieerde gemeenskappe uitgewys.

Die metodiek van die proefskrif word dus onderlê deur 'n kultuurhistoriese benadering. Nie alleen is die ondersoekte materiële oorblyfsels in 'n ruimtelike en chronologiese raamwerk gerangskik nie, maar is dit ook met etnografiese en etnohistoriese inligting in verband gebring.

In die skakeling van die argeologiese oorblyfsels met etnohistoriese inligting aangaande die baPhalaborwa is gebruik gemaak van geskrewe bronne, en in besonder van die doktorsale proefskrif van Scully (1878), aangaande die mondelinge oorlewering van laasgenoemde gemeenskap. Weens die omvang en diepte van Scully se navorsing en die gebrek aan ander bronne wat aan die vereistes voldoen, is swaar op laasgenoemde se navorsingsbevindinge geleun wat betref oorsprongsweergawes van die baPhalaborwa.

Mondelinge oorlewering vir die verklaring van oorsprongs- en vestigingsgeskiedenis het egter beperkinge - nie net wat betref die tydsduur waarvolgens oorleweringe teruggevoer kan word nie, maar ook wat betref die verskillende weergawes wat hiervoor bestaan. Dit word dan ook duidelik gesien in die talle geskrewe en mondelinge weergawes wat Scully aanbied en ondersoek as verklaring vir die herkoms van die baPhalaborwa.

Hoewel sy proefskrif leemtes bevat vir die behoeftes en doeleindes van dié navorsingsprojek, bv. die korrekte geografiese ligging van sekere terreine en/of vestigingspunte van gemeenskappe, besonderhede in verband met vroeë metaalbewerkingspraktyke, etnohistoriese inligting oor die meerderheid van die koppieterreine, die herkoms van verskillende gemeenskappe wat hulle in Phalaborwa gevestig het, ens., is dit die mees gedetailleerde etnohistoriese bron wat lig werp op die mondelinge oorlewering van die baMalatji en ander groepe wat hulle in die gebied gevestig het.

In enkele gevalle is persoonlik van informante gebruik gemaak vir die identifisering en/of opsporing van terreine terwyl ook historiese inligting oor die bewoners van sekere terreine van informante verkry is. Feitlik geen inligting bestaan egter

meer oor metaalbewerking nie - 'n verskynsel wat reeds 'n dekade en 'n half gelede deur Van der Merwe & Scully (1971) vasgestel is.

Uit die ruimtelike evaluering van die aard en omvang van die verspreiding van metaalbewerkingsoorblyfsels in die Loole-terreinkompleks, kon rekonstruksies gemaak word van die verspreidingspatrone van sekere metaalbewerkingsaktiwiteite. Dit kon dus bepaal word watter tipe metale bewerk is, die tipe oonde en strukture wat daarvoor gebruik is, en die korrelasie van dié besonderhede met vroeë baPhalaborwa-gemeenskappe. Uiteraard was die identifisering van die verspreidingsdata onderhewig aan die behoud, bewaring en dus bestaande voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels in soverre dit nie deur mynbou-aktiwiteite uitgewis is nie.

Die uitgebreide plantekeninge van terreine wat saamgestel is, is onderneem ten einde meer lig op die vestigingskenmerke en vestigingspatrone van die metaalbewerkers te werp. Die inligting belig aspekte van die ruimtelike uitleg, rangskikking en plasing van terreinkomponente, dit wil sê woonterrein- en metaalbewerkingsoorblyfsels ten opsigte van mekaar.

Benewens 'n kultuurhistoriese benadering berus die navorsing ook op 'n studie van die vestigingspatrone van die metaalbewerkers van Phalaborwa. Die aard en omvang van die metaalbewerking in die navorsingsgebied word dus ook gereflekteer deur 'n studie van mikrovestigingspatrone, dit wil sê op die vlak van een terrein tot op 'n meso- en makroskaal, dit wil sê in die Loole-terreinkompleks asook in die groter Phalaborwa-omgewing (vgl. Chang 1968 en Clark 1978).

'n Studie van die ruimtelike manifestasie van metaalbewerkingsoorblyfsels in die Loole-terreinkompleks gee dus 'n aanduiding van die omvang van terreine waarmee dit verbind word. Dit werp ook lig op die verhouding tussen yster- en koperbewerking in die navorsingsgebied, die kenmerke van oonde en geassosieerde artefakte, asook afvalpatrone van metaalbewerkingsterreine en die etnohistoriese skakeling tussen metaalbewerkingsoorblyfsels en sekere vroeë baPhalaborwa-gemeenskappe.

Omdat 'n kultuurhistoriese benadering gevolg is, is gebruik gemaak van beskrywings van die metaalbewerkingsoorblyfsels van terreine in die navorsingsgebied. Die beskrywings is verder aangevul met tekeninge en foto's van terreine en opgrawingsverskynsels. Die prosessering van die argeologiese data was verder beperk tot die chemiese ontleding van slakke vir die positiewe identifisering van yster- of koperbewerking, die ontleding en identifisering van dierlike en menslike skeletma-

teriaal en die klassifikasie van die argeologiese materiaal.

3. Teoretiese en metodologiese agtergrond

Die teoretiese en metodologiese grondslag van die proefskrif berus dus op 'n kultuurhistoriese benadering. Die rekonstruksie van kultuurgeskiedenis is een van die drie doelstellings van die argeologie - die ander twee is die bestudering van voorhistoriese lewenswyses en kultuurprosesse (Knudson 1978: 351). 'n Kultuurhistoriese benadering word dan ook volgens Sharer en Ashmore (1980 : 478) gekenmerk deur 'n induktiewe navorsingsmetode en 'n normatiewe beskouing van kultuur.

"Within these frameworks, the cultural historical approach emphasizes synthesis based upon chronological and spatial ordering of archeological data. Thus the synthesis, from this perspective, is directed toward outlining the sequence and geographical distribution of past events. Once this is done, interpretation proceeds through use of either specific or general analogs as the basis for application of descriptive models usually drawn from ethnography and history. The culmination of the interpretive process is a chronicle of events and general trends of cultural change and continuity in the prehistoric past."

Die metaalbewerkingsoorblyfsels van die Phalaborwa-omgewing en van die Looletterreinkompleks in besonder, is in 'n ruimtelike en chronologiese raamwerk gerangskik maar ook met etnografiese en etnohistoriese besonderhede in verband gebring. 'n Kultuurhistoriese studie word ook gekenmerk deur 'n induktiewe navorsingsmetode en 'n normatiewe beskouing van kultuur (Sharer en Ashmore 1980: 478). Die klem val dus op 'n ideografiese of partikularistiese beskouing van die navorsingsonderwerp. Dit behels dus 'n studie van unieke en spesifieke gebeurtenisse in die verlede teenoor die gebruik van algemene reëlmatighede en verduideliking van spesifieke gebeure deur die toetsing van hipoteses (Hole & Heizer 1973: 434 en Knudson 1978: 350). 'n Partikularistiese beskouing van argeologie word deur South (1977: 8) beskryf as:

"Particularistic archeology (pertaining to one person, thing, group, class, event, etc. - special not general) emphasizes individualistic analysis and synthesis. The paradigm (idea set) is ideographic (intensive study of an individual case) and particularistic (often characterized by an antinomothetic stance against the search for general laws)."

Hoewel daar klemverskille in die navorsingsmetodes van geskiedenis en sosiale wetenskappe mag bestaan, is die wetenskappe nie onderling totaal uitsluitend

nie, maar vul dit mekaar aan. In dié verband merk Knudson (1973: 350) op:

"Together they provide a much more complete picture of culture in retrospect" terwyl Trigger (Hole en Heizer 1973: 435) meld dat geskiedenis en die sosiale wetenskappe soos die twee kante van dieselfde munststuk is : "complementary rather than antagonistic."

4. Vroeëre navorsing

Argeologiese navorsing is in die vyftigerjare in die Phalaborwa-omgewing begin met 'n uitstaande navorsingsartikel deur Verwoerd (1956) en is opgevolg deur ondersoeke en beskrywings van die amateur argeoloog, Charles Moore (1966 & 1974). Volwaardige ystertydperknavorsing wat saamgeval het met 'n belangstelling in die ystertydperk elders in Transvaal en die Oranje-Vrystaat, het aanvanklik onder leiding van prof. R. Mason en later deur prof. N. J. van der Merwe van onderskeidelik die Universiteit van die Witwatersrand en Kaapstad in die sestiger en vroeë sewentigerjare 'n aanvang geneem.

Bogenoemde navorsing het egter nooit omvangryke afmetings aangeneem om so die belangrikheid en uniekheid van die metaalbewerkingsoorblyfsels as deel van die Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese erfenis genoegsaam te kan belig nie. Moderne mynbedrywighede het sedert die vyftigerjare gevolglik toenemend 'n groter deel van die oorblyfsels uitgewis voordat dit werklik bekend gestel en nog beter, diepgaande nagevors kon word. Dit word dan ook voorsien dat indien geen doelbewuste pogings ten opsigte van die bewaring van die oorblywende reste deur veral die plaaslike myne, nywerhede en die Stadsraad van Phalaborwa in samewerking met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede aangewend word nie, daar nie veel van die eens geroemde en befaamde ystertydperkoorblyfsels van Phalaborwa gaan oorbly nie.

Vorige navorsingsverslae het dus slegs enkele blikke op 'n tans verdwynende voorhistoriese epog van Suid-Afrika gewerp. Hierdie proefskrif is dus daarop gerig om die aard, omvang en verspreiding van bestaande metaalbewerkingsoorblyfsels en -aktiwiteite en die vroeë gemeenskappe wat volgens mondelinge oorlewering daarmee verbind word, breedvoerig bekend te stel en te beskryf alvorens die oorblyfsels totaal verdwyn.

Die navorsingsresultate van bogenoemde navorsers word deurlopend in die proefskrif gebruik om sekere bevindinge of aangeleenthede toe te lig of te bevestig waar

omstandighede dit noodsaak. Andersins word die navorsingsbevindinge egter breedvoeriger bespreek in Hoofstuk III (vgl. 2.2) en Hoofstuk V (vgl. 2).

5. Uiteensetting van die proefskrif

In dié hoofstuk is aandag gegee aan die doelstellings, die teoretiese en metodologiese grondslag wat in die proefskrif gevolg is, asook die afbakening van die ondersoekte temas, gebied en tydperk wat nagevors is. Dit is dus geskik om 'n beskrywing te gee van die verdere uiteensetting van die proefskrif. Die navorsingsontwerp wat in die proefskrif gevolg is, kan saam met dié uiteensetting gevolg word in Tabel 132.

In Hoofstuk II word eerstens aandag gegee aan die bewoners en omgewing van Phalaborwa. 'n Beskrywing word aangebied van die geologie, flora, klimaat en bewoners van die omgewing. Die oorsprong, ewolusie en kenmerke van die Palabora Stollingskompleks word beskryf ten einde meer lig op die ertsbronne wat deur die vroeë metaalbewerke uit die Kompleks herwin is, te verkry. Aandag word in besonder gegee aan die voorkoms van die sekondêre geminaliseerde kopererts in Loolekop en die Old Guide Myn en die aard van vroeë mynboumetodes wat aangewend is om die erts te bekom.

In Hoofstuk III word die laat-ystertydperkoorblyfsels in die Phalaborwa-omgewing beskryf nadat die gebied in drie terreinkomplekse afgebaken is. Aandag word in besonder gegee aan die Sekgopo- en Ga-Masišimale-terreinkomplekse. Die vroeë navorsing wat in die gebiede uitgevoer is, word beskryf, terwyl ook aandag gegee word aan die argeologiese waarnemings wat in die gebiede gemaak is. Die historiese agtergrond van elk van die gebiede se bewoners word ook beskryf. Veral die beskrywing van Sekgopo (Shikumbu) en Masorini (Pjene) se historiese agtergrond dui op die kulturele verband tussen gemeenskappe van dié terreine met terreine van die Loole-terreinkompleks.

In Hoofstuk IV word die primêre navorsingsgebied van die proefskrif afgebaken en beskryf. Aandag word ook gegee aan vroeëre navorsing wat in die gebied uitgevoer is, terwyl die aard en omvang van vroeë mynbedrywighede wat nie meer bestaan nie, breedvoerig behandel word. 'n Rekonstruksie van die mynbedrywighede word aangebied. Ook word die streekopname en opgrawings wat in die Loole-terreinkompleks uitgevoer is bespreek, asook die metodes en probleme wat met dié ondernemings aangewend en ondervind is. 'n Terminologie vir die beskrywing

en onderskeiding van terreinkenmerke en/of - komponente word voorgestel, asook 'n terreinverwysingstelsel vir gebruik in die proefskrif en vir latere voortgesette navorsing.

Hoofstuk V handel oor die kenmerke van die terreine van die Loole-terreinkompleks soos vasgestel uit die streekopname-inligting en die opgrawingsdata. Die metaalbewerkingskomponente van terreine word bespreek na gelang van die aard en kenmerke van yster- en koperbewerkingsterreine. Die prosesse van metaalbewerking, nl. reduksie- en smidsbedrywighede (asook kopersmeltery) wat teëgekomp is, word oorsigtelik behandel. Elke metaalbewerkingsbedryf se geassosieerde kenmerke soos oonde en/of reduksie- of smeltstrukture wat aangetref is, word beskryf, terwyl 'n kode of verwysingsimbool aan elkeen toegeken word vir latere kriptiese verwysings, beskrywings of vergelykings - hetsy in die teksgedeelte van die proefskrif of in tabelvorm. Die geassosieerde kenmerke van die verskillende tipes metaalbewerkingsterreine word vervolgens oorsigtelik beskryf. Die kenmerk-kombinasies of attribuutpakkette van metaalbewerkingsterreine word ook met die kenmerke van woonterreinoorblyfsels in verband gebring, ten einde vier groepe terreine (Groep I-IV) in die navorsingsgebied te onderskei.

In Hoofstuk VI word die ondersoek en opgrawing van drie industriële terreine, nl. Marupale, Pjene en Evkomkoppie bespreek. Dié groep terreine word gekenmerk deur die voorkoms van metaalbewerkingsoorblyfsels (yster en/of koper) terwyl dit hoegenaamd geen of beduidend min aanduidings van woonterreinoorblyfsels het. Die terreine is van resente oorsprong - meestal uit die vorige eeu - en deur jonger binnekommende gemeenskappe beset soos bv. die Mahlougane-Shangana wat hulle bedrywighede by 'n terrein soos Marupale beoefen het.

Groep I-terreine word gekenmerk deur klein groepies gemeenskappe en dus beperkte woonterreinoorblyfsels met òf yster- òf koperbewerkingsaktiwiteit. Die groep terreine wat uit die agtiende en negentiende eeu dateer en waarvan Sonkoanini, Selongwe en Ghoenkop ondersoek en opgegrawe is, word in Hoofstuk VII bespreek.

Die grootste en mees uitgebreide terreine, nl. Groep III-terreine, word gekenmerk deur beide yster- en koperbewerkingsaktiwiteit asook groot getalle terrasse met woonterreinoorblyfsels. Dié groep terreine wat onder andere met kapteins en leiersfigure van die baPhalaborwa verbind word, is Serotwe, Mapotini en Shankare wat argeologies ondersoek is. Terreine van die groep dateer vanuit die sewentiende eeu. Serotwe word verbind met die oorsprong van die Masêkê-Malatji terwyl Mapo-

tini die **mosate** was van Ramatladi wat skynbaar in die interim tussen Meele en Makekele oor die baPhalaborwa regeer het.

In Hoofstuk IX word aandag gegee aan terreine soos Sebatini en Muhululu wat gekenmerk word deur uitgebreide woonterreinoorblyfsels en ysterbewerkingsaktiwiteite. Die groep terreine mag egter ook as Groep III-terreine geklassifiseer word indien aanduidings van koperbewerkingspraktyke in die toekoms op die terreine opgespoor word. Die onderskeiding van die groep terreine is dus bloot 'n arbitrêre indeling om terreine te akkommodeer wat nie die kenmerke van Groep I-III terreine bevat nie.

In Hoofstuk X word 'n sintese van alle getuienis in verband met metaalbewerking in die navorsingsgebied aangebied. 'n Samevatting en evaluasie van die navorsingsbevindinge word aan die einde van die hoofstuk verskaf.

6. Tegniese besonderhede

Ernstige probleme is ondervind met Scully (1978) se weergawe en gebruik van Sotho-name en Sotho-woorde. Probleme wat veral ondervind is, hou o.a. verband met die inkonsekwente en verkeerde spelling van woorde, bv. baMalatjie (Genealogie B) en baMalatji (Genealogie A en teks). Ander voorbeelde is **mashate** i.p.v. **mosate**, **tchwene** i.p.v. **tshwene**, Makikele in teks maar Makekele in die genealogieë. Mosholwane in teks en Mashalwane in die genealogieë asook Mothatewaleopeng in teks en Mothotewaleopeng in die genealogieë.

Met betrekking tot dié aangeleentheid is die skrywer deur die Departement Volkekunde van die Universiteit van Pretoria gelei wat betref stamname en die gebruik van gangbare Sotho-ortografie.

Die teks en tabelle van spesialisverslae word onveranderd in die uiteensetting weergegee. Om hierdie rede word die ontleding van geïdentifiseerde skeletmateriaal in tabelvorm met die oorspronklike Engelse byskrifte aangebied. Afkortings wat in die tabelle gebruik is, word op bladsye 597-598 verklaar.

HOOFSTUK II

DIE BEWONERS EN OMGEWING VAN PHALABORWA

1. Algemeen

Die Oos-Transvaalse Laeveld rondom die dorp Phalaborwa is vandag die woongebied van die baPhalaborwa en in 'n mindere mate van Shangana-Tsonga. Die baPhalaborwa is volgens mondelinge oorlewering reeds vir minstens driehonderd jaar in die omgewing woonagtig, terwyl die Shangana-Tsonga 'n meer resente negentiende-eeuse herkoms vanuit Mosambiek na die Oos-Transvaal het. Verskillende vroeë Sotho-, Swazi-, Tsonga- en latere Shangana-Tsonga-groepe, asook gemeenskappe vanuit die huidige Zimbabwe, sou in dié tydperk rondom 'n oorspronklike vroeë baPhalaborwa of baMalatji-nukleus amalgameer tot die kontemporêre baPhalaborwa. Verskillende gemeenskappe soos die Mojela, Nkwane, Pilusa, багаSelepe, Monyaela en ander groepe sou uit alle windrigtings na Phalaborwa kom (Du Toit 1968 en Scully 1978). Sommige van die groepe sou kennis van die bewerking van yster en koper met hulle saambring het om dit met plaaslike metaalbewerkingspraktyke te laat kulmineer, en Phalaborwa tot een van die mees formidabele metaalbewerkingsentra gedurende die voorafgaande twee tot drie eeue in Suidelike Afrika maak.

Die versoening van menslike kennis en kundigheid met omgewingsfaktore soos geskikte natuurlike hulpbronne vir die ontginning en bewerking van metale soos yster en koper, het verseker dat dié besondere tegnologiese prestasie kon plaasvind. Die Palabora Stollingskompleks met sy ryk afsettings van magnetiet en gemeneraliseerde koperertse soos malagiet, azuriet en chrisocolla wat rondom en in Loolekop voorgekom het, was die stimulus vir die ontwikkeling van verspreide yster- en/of koperbwerkende gemeenskappe wat hulle gevestig het op en aan die voet van die honderde siënië-koppies wat die Stollingskompleks oortrek. Die gemeenskappe se lewenswyse reflekteer 'n ekonomiese bestaanspatroon wat sentreer om die primêre en sekondêre bewerking van yster en koper. Die metale is waarskynlik vir lewenskommoditeite soos plantvoedsel verhandel, veral gedurende die latere agtiende en negentiende eeu. Jag en versameling het verder 'n belangrike rol gespeel in dié laatystertydperkgemeenskappe se bestaanwyse.

Vervaardigde metaalvoorwerpe moes in handelsnetwerke weggevoer gewees het - hetsy na die Ooskus, die noorde, dit wil sê die huidige Venda en Zimbabwe, na

die suide, die ooste en selfs die weste - waar noue bande tussen baPhalaborwa-groepe en ander gemeenskappe in die omgewing van Bosbokrand, Mosambiek en die voet van die Drakensberge ontstaan het. Die handelsaktiwiteite se aard en omvang sal egter nooit met argeologiese inligting alleen verklaar en begryp kan word nie. Historiese inligting maak wel melding van die aktiwiteite en meer spesifiek van groepe soos die Selematsele of Hlame, wat onder andere by Sekgopo gesetel was, wat hulle op die invoer en distribusie van handelsartikels toegespits het (Scully 1978: 245 en 247).

Die monopolisering van handelsaktiwiteite, plaaslike grondstowwe en verwerkte en onverwerkte produkte soos yster, koper, ivoor en waarskynlik skilpaddop, moes die voortdurende wedywing tussen magsgroepe veroorsaak het - wat onder andere in kapteinopvolgingsdispute weerspieël word - asook in die vorming van bondgenootskappe of alliansies tussen plaaslik vroeë baPhalaborwa-groepe, of tussen laasgenoemde en gemeenskappe buite die Phalaborwa-omgewing. Dié faktore in samehang met historiese gebeure soos die vroegste herkoms van sekere groepe soos die baMalatji van Sealeng en Sekgopo, die Masêkê-Malatji wat reeds vroeë historiese verbintenisse 'met Nagome en Venda-groepe gehad het, asook dié belangegroepe se voortgesette bande en bondgenootskappe met afkomstgroepe buite Phalaborwa, sou dan ook uiteindelik daartoe lei dat die stam vandag nog in groepe verdeel is (Scully 1978).

Min is bekend van die Ystertydperk voor ca1600 in Phalaborwa en veral in die Loole-terreinkompleks, dit wil sê die gebied rondom die eens bestaande Loolekop. Vroeë daterings van twee terreine in die gebied (Stuiver & Van der Merwe 1968 en Van der Merwe & Scully 1971), is aangevul met 'n derde datering wat bevestig dat 'n teenwoordigheid van ystertydperkgemeenskappe vanaf ca900 - 1300nC rondom sekere koppies voorkom wat prominent in die baPhalaborwa se oorleweringe figureer (vgl. X: 3.1.). Weinig is nog van dié tydperk bekend. Dit is egter insiggewend dat dit oënskynlik saamval met die ontstaan, ontwikkeling en kwyning van grootskaalse ystertydperkaktiwiteite teen 1000nC. In dié tydperk ontstaan en funksioneer handelsentra soos Mapungubwe en Schroda verder noord in die Limpopovallei (Meyer 1980 en Hanisch 1980). Geen betekenisvolle of prominente ystertydperkoorblyfsels in die periode vanaf ca1300 - 1600nC is nog in die Phalaborwa-omgewing aangetref nie (vgl. X:3).

Vervolgens word die omgewing, bestaande uit die geologie en die flora, asook die oorleweringe van die baPhalaborwa van nader beskou. Daar is weinig gebiede in Suid-Afrika waar so 'n noue vervlegtheid bestaan tussen die oorsprongsgeskiedenis van die vroeëre inwoners, die etnografie en argeologie, asook die omgewingsomstandighede van die besondere gebied.

2. Die geologie van Phalaborwa

2.1 Agtergrond

Die geologie van die Phalaborwa-omgewing word gekenmerk deur die Palabora Stollingskompleks. Die Stollingskompleks van die Noordoos-Transvaalse Laeveld se sentrale karbonatietpyp is geleë by $24^{\circ} 00'S$ en $31^{\circ} 07'0$ waar dit die granietgneis van die Argeïese Kompleks binnegedring het. Die karbonatiet wat 2 060 miljoen jaar oud is, is nie net die oudste binnedringing van karbonatiet wat tot dusver ter wêreld gevind is nie, maar uniek onderskeibaar van ander karbonatiete omdat dit ekonomies ontginbare kopererts bevat (Herbert 1967 en PMM 1976). Die ligging van die Kompleks tot ander karbonatiete en alkaliese komplekse in Transvaal word in Fourie (1980: Fig 1) aangetoon.

Die metaalagtige minerale van die Kompleks en in besonder die koperkarbonate is volgens radiokoolstofdaterings reeds 1 200 jaar gelede gemyn en waarskynlik ontgin. Bewyse vir die bedrywighele was sigbaar op grond van die talle argeologiese terreine met metaalbewerkingsoorblyfsels wat in en rondom Phalaborwa voorkom, asook die aanduidings van vervloë mynbou-aktiwiteite wat tot in die vyftigerjare op Loolekop sigbaar was. Die mynbouers en metaalbewerkers was plaaslike swart gemeenskappe wat artefakte en ornamente uit die metale vervaardig het. Dié beskrywing van De Jager en Fourie (1978: 2) is kensketsend van verskeie vroeëre maar ook meer resente geologiese publikasies, waarin die rol van laat-ystertydperk en dus vroeë baPhalaborwa-gemeenskappe in die herwinning en produksie van metale uit die Palabora Stollingskompleks erken word (Hall 1912; Schwellnus 1937; Verwoerd 1956; Coetzee 1976 en PMM 1976). Die vervloë mynboubedrywighele waarvan geen getuienis meer vandag by Loolekop en min inligting by die Old Guide Myn bestaan, word later breedvoeriger bespreek.

Die eerste geskrewe verwysing na die meer onlangse eksploitering van die Kompleks dateer terug na die aanvang van die huidige eeu toe kopererts by die Old Guide Myn en by Loolekop gemyn is. Die lae graad van die erts het egter die mynboube-

drywighede skipbreuk laat lei (De Jager en Fourie 1978: 2). Die eerste noemenswaardige prospektering op Loolekop het in die vroeë vyftigerjare 'n aanvang geneem. Dit was egter gemik op die herwinning van apatiet (en nie koper nie) nadat 'n ekonomies ontginbare fosfaatafsetting deur dr. H. Merensky onder die westelike deel van Loolekop aangedui is. In 1951 het 'n staatsbeheerde korporasie, die Fosfaat Ontginningskorporasie (Foskor), die fosfaat begin myn (Coetzee 1976: 130 en PMM 1976: 178).

Die teenwoordigheid van radio-aktiewe uranothorianiet het ook in die vyftigerjare 'n grootskaalse belangstelling in Loolekop ontketen. Na intense geologiese ondersoeke is die litologie en mineralisering van die kop vasgestel. Die prospektering het aangetoon dat die uranothorianiet op sigself nie ekonomies ontginbaar is nie, maar dat daar ook 'n groot hoeveelheid lae-gradse kopersulfaat voorkom. Die koperertsliggaam is hierop in 1956 deur 'n nuut-gestigte maatskappy naamlik, Palabora Mynmaatskappy Bpk. (PMM) ondersoek. 'n Totaal van 111 boorgate wat 'n afstand van 41 000m verteenwoordig en wat vanaf die grondoppervlakte geboor is, se resultate het bevredigende ooreenkomste getoon met 'n 17 000m horisontale ondersoek van die ertsliggaam. Die boorwerk het 'n merkwaardige vertikale voortsetting van die ertsliggaam 'n 1 000m onder die grondoppervlakte aangetoon in terme van litologie, mineralogie en ekonomiese mineralisering. Die koperertsreserwes is aanvanklik op verskeie honderdmiljoen ton en 'n gradering van 0,78 Cu geraam. Vanaf 1962 word die afsetting deur grootskaalse oop-mynboumetodes ontgin (Foto's 1-2) (Coetzee 1976: 130-131 en PMM 1976: 178-179).

Die Palabora Stollingskompleks het die afgelope vyf-en-twintig jaar toenemend aandag getrek as gevolg van die verskeidenheid metale en minerale wat daaruit ontgin word. Benewens die R.S.A se totale behoefte aan rotsfosfaat vir die kunsmisbedryf, verskaf die Kompleks ook 'n aansienlike tonnemaat vir die vervaardiging van fosfaatsuur vir die uitvoermark. Ook vermikulietmyne is in die Kompleks geleë. Benewens die herwinning van uraan, magnetiet en swawelsuur uit die erts van die Kompleks, is dit ook die vrye wêreld se grootste en enigste bron van natuurlike sirkoniumoksied in die vorm van baddeleyiet (Fourie 1980: 1).

Die Kompleks word tans ontgin met behulp van drie dagboumyne. In die noordwestelike hoek van die Noord-Pirokseniet is Foskor se dagboumyn waar slegs piroskenitiese fosfaatserts gemyn word. In die sentrale gedeelte van die Noord-Pirokseniet is PMM se vermikulietmyn. Die derde myn is PMM se dagboumyn op die sentrale karbonatiet en foskoriet waar hoofsaaklik koper, magnetiet, uranothorianiet en

baddeleyiet met klein hoeveelhede nikkel en edelmetale as byprodukte gemyn word (Figuur 1) (Fourie 1980: 3).

2.2 Kenmerke van die Palabora Stollingskompleks

Die Palabora Stollingskompleks verteenwoordig 'n indringing van die omliggende Argeïese kompleks wat hoofsaaklik bestaan uit verskeie soorte graniet, granietgneis, pegmatiet, serpentieniet, serpentyntalkskis, talktremolietskis en amfiboolskis. Beide die Palabora Kompleks en die Argeïese gesteentes word deur 'n groot aantal jonger noordwes-strekkende dolorietgange gekruis. Die Kompleks bestaan uit twee hoofgedeeltes, naamlik 'n sentrale pypvormige nie-siënitiese gedeelte van piroksenitiese gesteentesoorte en 'n buitenste, wyer verspreide propvormige siënitiese gedeelte wat rondom eersgenoemde voorkom (Figuur 2) (Fourie 1980: 6).

Die Kompleks beslaan 'n langwerpige tot niertjievormige gebied van 16km^2 wat sowat 6,5km van noord na suid en 1,5 tot 3,5km van wes na oos strek. Dié sentrale kern van die Kompleks is op sigself 'n groot vertikale vulkaniese pyp met 'n onreëlmatige buite-oppervlakte. Die primêre invulmateriaal van die kern is pirokseniet wat bestaan uit wisselende verhoudings van flogopiet, diopsied en apatiet (Coetzee 1976: 132 PMM 1876 : 177). Die nie-siënitiese gedeelte word beskou as bestaande uit drie vergroeide en min of meer konsentriese lobbe bestaande uit hoofsaaklik piroksienitiese gesteentes en wat bekend is as Noord-, Suid-, en Loolekop-pirokseniet (Figuur 1) (Fourie 1980: 7).

Die Loolekop-ertsliggaam is 'n elliptiese, vertikale, pypvormige binnedringing van die sentrale kern van die Palabora Stollingskompleks. Die pyp is ovaalvormig in 'n westelike na oostelike rigting en is 1,4km lank en 0,8km wyd. Dit verteenwoordig 'n saamgestelde binnedringing van nie-siënitiese gesteentesoorte in die volgende ouderdomsekwensie: foskoriet, gelaagde karbonatiet en transgressiewe karbonatiet (Coetzee 1976: 132). Die verhouding tussen hierdie gesteentes in horisontale en vertikale deursnit is waarneembaar in Figure 3 en 4.

Die heel buitenste sone van die Kompleks bestaan uit siëniet. Dit manifesteer hoofsaaklik as die kurkpropvormige intrusies of kegelvormige siënietkoppies wat verspreid lê rondom die hoofliggaam van die Kompleks. Hoewel die koppies meer volop en algemeen rondom Phalaborwa is, kom dit ook verspreid voor oor 'n wye noordoos-strekkende gordel van tot so ver as 70km (Fourie 1980: 7).

Die bopunt van die karbonatietpyp het die alombekende plat geronde koppie bekend as Loolekop in die middel van die Kompleks gevorm (Foto's 4-6). Die koppie wat sowat 80m bo die omliggende vlakte uitgetroon het, het vir meer as honderd jaar die aandag van geoloë, myners en prospekteerders geniet. Dié belangstelling was aanvanklik gestimuleer deur die reeds vermelde vervloë mynbou-aktiwiteite in die vorm van skagte en slote wat op die koppie voorgekom het (PMM 1976: 177-178).

2.3 Oorsprong en ewolusie van die Kompleks

'n Gedetailleerde uiteensetting van die oorsprong en ewolusie van die Palabora Stollingskompleks is nie hier ter sake nie. Die ontwikkeling van die Kompleks word gevolglik oorsigtelik behandel ten einde meer lig te werp op die aard en kenmerke daarvan, en in besonder op die verwantskap tussen dié omgewingsverskynsel en die metaalbewerkers van Phalaborwa. Breedvoerige beskrywings oor die ewolusie van die Kompleks word verskaf in verskeie publikasies (vgl. bv. Hanekom 1965; PMM 1976; De Jager & Fourie 1978 en Clark 1981). In Cartwright (1971: tussen 111-112) verskyn 'n vereenvoudigde voorstelling van die oorsprong en ontwikkeling van die Kompleks (Figuur 5).

Die niertjievormige Palabora Stollingskompleks is gevorm nadat 'n sikliese alkaliese intrusie die Argeïese granietbodem van die streek in verskeie opeenvolgende fases binnegedring het. Deur die siklus is ultramafiese tot per-alkaliese gesteentesoorte in die Kompleks gevorm (Figuur 1). Gedurende die eerste binnedringingsfase is 'n massiewe vertikale ultramafiese pyp-tipe liggaam bestaande uit hoofsaaklik pirokseniet in die Argeïese gneis ingeplaas. Die vertikale piroksenitiese pyp is saamgestel uit wisselende hoeveelhede diopsied, flogopiet en apatiet (PMM 1976: 179). Die piroksenitiese gesteentes beslaan die grootste gedeelte van die Kompleks en word op grond van mineraalsamestelling en korrelgrootte geklassifiseer. Flogopiet is die parameter vir klassifikasie aangesien dit visueel maklik sigbaar is. 'n Verskeidenheid piroksenitiese gesteentes kom in die Kompleks voor. 'n Band van veldspatiese pirokseniet wat varieer in dikte is gevorm deur die kontak van die piroksenietliggaam met Argeïese gneis. Groot areas in die piroksenitiese gesteentes bevat ekonomies ontginbare hoeveelhede apatiet (PMM 1976: 179 en Fourie 1980: 8).

Bogenoemde fase is gevolg deur 'n tweede alkaliese fase waartydens prominente kurkpropvormige siënietskoppies die periferie van die ultramafiese pyp en die omliggende omgewing binnegedring het. Dit wil voorkom asof die fase vergesel was van 'n langdurige intrusiewe siklus van nie-geweldadige en gedeeltelike metasoma-

tiese aard waartydens pegmatoïediese liggame in drie lokaliteite in die ultramafiese liggaam gevorm is, en fenitiasie van die omringende Argeïese gneis plaasgevind het. Die foskoriet en gelaagde karbonatiet is gedurende 'n later stadium in die sentrale pegmatoïede liggaam ingeplaas (PMM 1976 : 179; De Jager & Fourie 1978: 3 en Coetzee 1976 : 132).

Die siënië vorm die buitenste sone om die pirokseniet van die Kompleks. Dit is onreëlmatig, onderbroke en selde in kontak met die binneste sone. Fenitiasie kom voor om die kontakvlakke met die pirokseniet, en is veral goed ontwikkel langs die westelike en noordoostelike kontakte. Waar die Argeïese gneis in kontak is met die siënië en pirokseniet is dit lokaal tot so 'n mate gefenitiseer dat dit dikwels nie makroskopies onderskeibaar is van siënië nie. Hoewel ondersoek reeds ingestel was na die herwinning van alumina en potas uit die siënië, is dit aangetoon dat die siënië geen ekonomiese ontginbare minerale bevat nie (PMM 1976 : 179; De Jager en Fourie 1978 : 4 & Fourie 1980 : 7).

Die siënië is veral opvallend as kurkpropvormige siëniëtuitstulpings wat die kenmerkende koppies van Phalaborwa en die omgewing vorm. Die koppies is versprei oor 'n gebied van 19km wyd en 70km lank (Fourie & De Jager 1978 : 4). Van die koppies was van die woon- en metaalbewerkingsterreine van die laat-ystertydperkgemeenskappe van die gebied.

Vroeëre ystertydperkbewoning het ook aan die voethange van koppies en op die valleivloere van die omgewing voorgekom. Die voorkoms van veelvoudige generasies van siënië dui op twee hoof fases van siëniëintrusie, naamlik 'n ouere en jongere binnedringingsfase. Die vroeëre fase word verbind met die styging van siënië deur pyp-tipe leidingskanale wat oorsprong gegee het aan die siëniëkoppies van die omgewing (Fourie & De Jager 1978 : 4). Die siënië toon dan dikwels intense breksiasie wat getuig van hulle vulkaniese oorsprong. Die tekstuur en korrelgrootte van die siënië varieer vanaf fyn kristallyn tot porfiritiese en pegmatitiese tipes (PMM 1976 : 179).

Twee pegmatoïediese liggame van ekonomiese waarde kom naby die middelpunte van die noordelike en suidelike lobbe van die hoofpiroksenitiese liggaam voor. Die noordelike pegmatoïediese liggaam is ovaalvormig en het 'n ruwe, sonale verspreiding van twee hoof-gesteentesoorte. Die kern is 'n onreëlmatige en heterogene dunietkern wat gedeeltelik opgebreek en verander is na 'n serpentyn-flogopiet-pegmatoïed met mindere hoeveelhede diopsied. Die tekstuur varieer van medium

fyn kristallyn tot buitengewoon grof. Die sentrale gedeelte word omring deur 'n onreëlmatige flogopiet-pirokseen-pegmatoïed sone met mindere hoeveelhede apatiet. Dit manifesteer hoofsaaklik as dwarssnijdende gange met skerp kontakte wat feitlik alle ander piroksenitiese gesteentes deursny (Figure 3 & 4) (PMM 1976 : 179; De Jager & Fourie 1978 : 7 en Fourie 1980 : 14-15).

Die vertolking van die geologie van die suidelike pegmatoïediese liggaam berus hoofsaaklik op boorgate en enkele kleiner opgrawings. Die liggaam wat suid van Loolekop geleë is, bestaan hoofsaaklik uit medium tot grof-korrelrige flogopiet-pirokseen-apatietpegmatoïed wat meestal ekonomiese konsentrasies apatiet bevat (Figure 3 & 4). In beide die noordelike en suidelike liggame het die flogopiet in die verweerde sone verander na verskillende tipes hidroflogopiet en vermikuliet (PMM 1976 : 179; De Jager & Fourie 1978 : 7 en Fourie 1980 : 21).

Gedurende die laaste fase van die intrusiewe alkaliese siklus is 'n jonger transgressiewe karbonatiet in die versplinterde kern van die Loolekop-pyp ingespuut. Karbonatiet van twee ouderdomme word onderskei, naamlik die ouer gebande karbonatiet aan die buitekant en 'n jonger transgressiewe eenheid in die middel. Die karbonatiet is omring met 'n gordel van magnetiet-olievienapatiet wat plaaslik bekend is as foskoriet (Figure 3 & 4). Die verhouding tussen die gesteentes verskil baie, selfs oor kort afstande. Die gemiddelde samestelling vir die versameling gesteentes is 25% apatiet, 35% magnetiet, 22% serpentyn en 18% karbonaat en ander minerale. Die karbonatiet en foskoriet is gashere vir kopersulfiedes, apatiet en hoë-titaan magnetiet. Dit is die belangrikste ontginbare minerale van die ertsliggaam terwyl kleiner hoeveelhede baddeleyiet en uranothorianiet ook herwin word. Ten laaste is dit opmerklik dat al die gesteentes van die Palabora Stollingskompleks deur jongere dolorietgange vanuit die Prekambriese tydperk deursny word (Figure 3 & 4) (PMM 1976 : 179, 183; Coetzee 1976; De Jager & Fourie 1978 : 8-9 en Fourie 1980 : 23).

2.4 Ertstronnes in die Stollingskompleks

Min twyfel bestaan dat die metaalbewerke van Phalaborwa magnetiet en gossan vir reduksie tot yster op die oppervlakte rondom Loolekop opgetel het, en sover as die Square-terrein en Sekgopo in die Ga-Masi^vsimale- en Sekgopo-terreinkomplekse aangedra het. Soms kom substansiële hope van die magnetiet in assosiasie met die koppieterreine en ysterreduksieterreine voor, bv. hoop EVK2 noord van Evkom-koppie (Figuur 29 & Tabel 30). Aanduidings bestaan dat van die harde magnetiet

of ysterbevattende afsettings op Loolekop selfs vermy is gedurende die mynaktiwiteite in en op die kop, waartydens gemeneraliseerde koperafsettings gemyn is (Schwellnus 1937: 904).

Die voorhistoriese mynaktiwiteite wat met Loolekop en ook die Old Guide Myn verbind word, was primêr toegespits op die verkryging van malagiet en azuriet. In die geval van Loolekop was putte en rifuitgrawings gekonsentreer op 'n deel van Loolekop waar die gemeneraliseerde koperertse voorgekom het (vgl. IV: 4.3). Die koper-bevattende gesteentes is noukeurig en met nougesetheid gevolg waarop die kopererts uitgekop is (Van der Merwe en Scully 1971: 181). Die uitskothope wat op Loolekop voorgekom het (Foto 25), getuig weer daarvan dat die erts op Loolekop uit die moedergesteentes gekop is. By die Old Guide Myn is aanduidings dat die grootste voorkoms van koper naby of op die randgebied van die piroksenitiese prop geleë is. Koper is vanaf die oppervlakte van die prop tot 'n diepte van 30m teenwoordig in die vorm van malagiet, azuriet en pseudo-malagiet (Viljoen s.d.:4).

Terwyl kopërsulfides in die vorm van borniet en chalcopiriet dieper in die ertsliggaam van die Old Guide Myn voorkom (Viljoen s.d.:4), is dit ook die belangrikste sulfides in Loolekop. Borniet kom oorwegend voor in die foskoriet en chalcopiriet in die karbonatiet. Chalcosiet kom ook in die foskoriet voor en kubaniet in klein hoeveelhede in die transgressiewe karbonatiet. Ander voorkomste van sulfides is pirotiet, pentlandiet, milleriet, bravoïet, linnaeïet, ens. (Coetzee 1976 : 130). Dit is egter nog nie vasgestel nie en boonop hoogs twyfelagtig of kopërsulfides in voorhistoriese koperreduksiepraktyke in die Phalaborwa-omgewing gebruik is.

2.5 Die Old Guide Myn

Benewens enkele ander kleiner uitstulpings wat gemeneraliseerde koper bevat het en wat in die Loole-terreinkompleks gemyn is, was die Old Guide Myn naas Loolekop die tweede grootste verskaffer van koperkarbonate aan die ystertydperk-gemeenskappe van Phalaborwa. Dit is bekend dat kopererts uit die ertsliggaam gemyn was (Hall 1912: 134 & Viljoen s.d.: 2). Van die mybouerskynsels is goed bekend aan mnr. Ike Lombaard van die plaas Schiettocht (25 LU), terwyl enkele van die mynskagte en -gange deur mnr. J. van Ewyk van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum van Pretoria opgemeet is.

2.5.1 Ligging

Die Old Guide Myn is geleë op die plaas Schiettocht (25 LU) sowat 3km wes van Phalaborwa, 300m suid van die Phalaborwa- na Gravelotte nasionale pad en 7km noord-noordwes van Loolekop. Die ruitverwysings vir die ertsliggaam is $31^{\circ}06'0$ en $23^{\circ}56'S$. Dit wil voorkom asof die pirokseniet van die Guide koperafsetting - net soos soortgelyke piroksenitiese afsettings wat noordoos van laasgenoemde blootgelê is - satellietliggame van die Palabora Stollingskompleks verteenwoordig (Viljoen s.d.:1).

2.5.2 Voorkoms en geologie

Die Guide koperafsetting bestaan uit 'n intrusiewe piroksenitiese prop of pyp in die granietgneis van die omliggende omgewing. Die prop is feitlik sirkelvormig, nl. sowat 180m x 140m in deursnit en kantel teen 'n hoek van 40° na die suide tot 'n diepte van nagenoeg 200m. Op die oppervlakte het dit oorspronklik 'n ovaalvormige voorkoms gehad. Die voorkoms is egter deur latere siënië-intrusies gewysig tot 'n hoefystervormige voorkoms waar die gesonke gedeelte aan die noordekant van die ertsliggaam voorkom. Dit beslaan 'n oppervlak van nagenoeg $16\,350\text{m}^2$ en behoort 'n diepte van meer as 610m te oorskry (Figuur 6) (Viljoen s.d.; & Coetzee 1976; 134).

Die siënië-intrusie van die Guide koperafsetting vorm 'n onopvallende lae koppie, nl. Kitchener se Kop, wat dan ook die siënië in die sentrale deel van die perdehoefvormige piroksenietliggaam verteenwoordig. Die siënië word omring met siënië-graniet terwyl die piroksenietliggaam deur twee gange deursny word, nl. 'n kleiner noord- na suid-strekkende gang van swart diabaas en 'n groter suidwes na noordoos-georiënteerde dolerietlaag (Viljoen s.d.: 3).

2.5.3 Koper in die pirokseniet van die Guide-ertsliggaam

Die mineralisering van koper in die afsetting is baie wisselvallig en onreëlmatig. Die indruk word gewek dat die koperminerale voorkom as klein onreëlmatige liggame, neste, in klein aartjies en gedissemineerd in die pirokseniet. Die voorkoms van die voorhistoriese myne suggereer dat die grootste voorkoms van koper naby of op die randgebied van die prop geleë is. Vanaf die oppervlakte van die prop tot 'n diepte van 30m is koper teenwoordig in die vorm van malagiet, azuriet en pseudo-malagiet. Sulfides in die vorm van borniet en chalcopiriet kom dieper

in die ertsliggaam voor (Viljoen s.d.: 4).

Uit vorige navorsing (Verwoerd 1956; Moore 1966 & 1974; Van der Merwe & Scully 1971 en Van der Merwe 1980), gesprekke met geoloë en metallurge, asook eie argeologiese navorsing, is dit duidelik dat die metaalbewerkers nie kopersulfides gebruik het nie, maar wel koperkarbonate soos malagiet, azuriet en chrisocolla (vgl. Foto's 9-11) vir reduksiedoeleindes.

3. Die flora

Die plantegroei en veldtipe van die navorsingsgebied word deur Acocks (1975: 30) ingedeel en beskryf as die Droë Laeveld. Dit is 'n tipiese **Acacia nigrescens** - **Sclerocarya savanne** met **Digitaria** sp as dominante grassoort. Beide **Acacia** spp en **Combretum** spp is belangrik in die gebied - veral **Combretum apiculatum** en verder ten dele noord, **Colophospermum mopane**, wat 'n oorgang vorm na 'n mopanieveld.

Die plantegroei en dus ook die landskap van die Nasionale Krugerwildtuin (NKW) is intensief nagevors deur Gertenbach (1983). Hoewel die studies nie die plantegroei ten weste van Phalaborwa beskryf nie, strek die klassifikasie en beskrywing tot midde in die argeologiese navorsingsgebied sodat die inligting wel bruikbare lig werp op die plantegroei, grond en geologie van die Phalaborwa-omgewing (Figuur 7). Slegs drie van die vyf-en-dertig landskaptipes is van belang, naamlik die noordelike Mopanie-savanne op basisryke grond, die sentrale Phalaborwa-sandveld wat die grootste deel van die navorsingsgebied beslaan en die suidelike Olifantsrivierhardeveld (Gertenbach 1983).

3.1 Die noordelike Mopanie-savanne

Die noordelike deel van die navorsingsgebied bestaan uit die plase Selonque (23 LU) en Quagga (21 LU) wat in 'n oorgangsgebied tussen die noordelike mopanie-savanne en die Phalaborwa-sandveld voorkom. Die noordelike Mopanie-savanne strek vanaf die Letabarivier suidwaarts en is 'n relatief gelykliggende landskap met 'n hoogte van 300-380m bo seespieël. Die landskap is hoofsaaklik onderlê deur amfiboliet van die Swaziland-sisteem en in 'n mindere mate met graniet en gneis waaroor verweringsprodukte van gabbro en doleriet neergelê is (Gertenbach 1983: 41 & Schutte in Gertenbach 1983).

Weens die gelykliggendheid van die gebied kom min variasie in die grondsoorte voor en is pannetjies met water algemeen. In die NKW word die gebied verbind met vlakteliewende wildsoorte soos bastergemsbokke, elande, wildebeeste, kwaggas en buffels (Gertenbach 1983: 41-43).

Die oop savanne, yl struiklaag en relatief digte grasbedekking van die landskap word gedomineer deur **Colophospermum mopane**. Op sanderige grond kom **Combretum** spp meer algemeen voor. Ander boomsoorte van die gebied is **Acacia nigrescens**, **Cissus cordifolia**, **Combretum imberbe**, **Ozoroa engleri**, ens. Dominante grasse is **Bothriochloa radicans**, **Themeda triandra**, **Digitaria ereiantha var pentzii** en **Heteropogon contortus** (Gertenbach 1983: 42-43).

Die koppies en argeologiese terreine Masakoleng, Mabeapeung en Selongwe wat op die plase Selonque (31 LU) en op die grens van Selonque (31 LU) en Laaste (24 LU) geleë is, is in die oorgangsgebied tussen bogenoemde Mopanie-savanne en die Phalaborwa-sandveld geleë. Die terreine vorm die noordelike periferie van die navorsingsgebied (Figuur 7).

3.2 Die Phalaborwa-sandveld

Die grootste deel van die navorsingsgebied word beskryf as Phalaborwa-sandveld (Gertenbach 1983: 37-41). Die gebied oorvleuel grootliks met die Palabora Stollingskompleks en sluit plase in soos Laaste (24 LU), Schiettocht (25LU), Loole (31 LU) en Wegsteek (30 LU). Die plase bevat die grootste aantal koppies en argeologiese terreine wat in die Phalaborwa-omgewing voorkom (Foto 7).

Die Phalaborwa-sandveld neem die grootste gedeelte van die waterskeiding tussen die Olifants- en die Letabarivier in beslag. Die landskap is deinend en hoogliggend in teenstelling met die noordelike gelykliggende landskap. Die hoogte varieer tussen 350-450m bo seespieël en word onderlê deur graniet en gneis. Die gebied word in die NKW gedreineer deur spruite wat na die Letaba- en Olifantsrivier vloei (Gertenbach 1983; 37). Wes van die NKW word die dreineringsvoortgesit deur die Selatirivier wat by die Olifantsrivier aansluit op die plaas Sheila (10 KU).

Siënetintrusies van die Palabora Stollingskompleks gee oorsprong aan die talle koppies en ystertydperkterreine van die Phalaborwa-sandveld. Die koppies het 'n noordoostelike tot suidwestelike oriëntasie vanuit die NKW tot in die omgewing van Mica, hoewel die morfologie van die koppies suidwaarts verander. Sommige

van die koppies naby aan die Selatirivier op die plase Paul (7KU) en Rhoda (9 KU) is oortrek met wildevyspesies oos **Ficus tettensis**, **Ficus ingens** en **Ficus abutilifolia**. Ook die Transvaalse Naboom (**Euphorbia cooperi**) kom algemeen op sommige van die koppies noord en suid van die Selatirivier voor (Millard 1985: 8).

Die 'siënietkoppies van die Phalaborwa-sandveld gee aan die landskap 'n unieke voorkoms soos waarneembaar is op 'n terreinsketskaart van die gebied (Figuur 40). Bekende koppies wat in die NKW voorkom is Shikumbu (Sekgopo), Masorini en Vudogwa. In die navorsingsgebied is bekende terreine of koppies Sealeng, Kgopolwe, Modimule, Sebatini, Mapotini, ens. Die gronde op die koppies is vlak en kan beskryf word as **lithosols** (Gertenbach 1983; 38).

Die grond van die landskap varieer vanaf liggeel tot grys. Die Phalaborwa-sandveld word ook gekenmerk deur die voorkoms van miershope (Gertenbach 1983: 40). In die NKW lyk dit of die miershope oorwegend 'n grys kleur aanneem en in die Phalaborwa-omgewing 'n rooi-geel kleur. Die rooi-geel miershoopklei is algemeen waarneembaar in argeologiese reste soos hutvloere, hutmure en reduksie-oonde. Die gerekonstrueerde hutte van die Masorini-terreinmuseum in die NKW toon weer die grys miershoopvoorkoms.

Die plantegroei van die droër geloogde bulte van die landskap word gedomineer deur **Terminalia sericea**. Saam met laasgenoemde kom die volgende spesies voor: **Combretum apiculatum**, **Colophospermum mopane**, **Peltophorum africanum**, **Mundulea sericea**, **Dalbergia melanozylon**, ens. In die laagtes waar die grond meer kleierig is, verdwyn **Terminalia sericea** heeltemal asook 'n paar van bogenoemde spesies. In die laagtes is die volgende houtagtige spesies meer algemeen: **Colophospermum mopane**, **Acacia nigrescens**, **Combretum hereroense**, **Acacia tortilis**, **Bridelia mollis**, **Cassia abbreviate**, ens. Die plante wat op die koppies voorkom is eiesoortig en die volgende spesies kom voor: **Kirkia acuminata**, **Steganotaenia araliacea**, **Combretum apiculatum**, **Berchemia discolor**, **Ficus soldanella**, ens. (Gertenbach 1983: 39.40).

Die landskap se **Terminalia sericea** - sandveld is 'n uiters geskikte habitat vir swart-witpense. Ook buffels kom in groot troppe voor terwyl koedoes, rooibokke en kameelperde goed verteenwoordig is. Vlakvarke is baie volop op die brakkolle rondom Phalaborwa. Kleiner wild soos steenbokke en duikers is algemeen. Elke koppie het een of meer paar klipspringers en is ook die belangrikste habitat vir dassies (Gertenbach 1983: 40).

Die voorkoms van termitaria in die landskap verdien verdere ondersoek. Volgens Gertenbach (1983: 40-41) kom drie soorte termiete in die NKW voor. Twee van die spesies bou skerppuntige miershope terwyl die derde 'n ronde miershoop bou waarop verskillende spesies plante groei. Van die plante mag eetbare vrugte dra wat deur voëls op die miershope geplant word.

Die oorblyfsels van kleipotte, of heel kleipotte, kom betreklik algemeen in miershope van die Phalaborwa-omgewing voor. Die potte met een of ander lokaas daarbinne was gebruik om termiete as voedsel te vang.

3.3 Die Olifantsrivier-hardeveld

Die landskaptipe van die suid na suidoostelike gedeelte van die navorsingsgebied wat onder andere die plase Merensky (32LU), die suidelike deel van Loole (31 LU) en die noordelike deel van Sheila (10KU) omvat, is die Olifantsrivier-hardeveld (Gertenbach: 1983: 37). In die gebied teenaan die westelike grens van die Kruger-wildtuin is die belangrikste terreine wat ondersoek is Muhululu en Putwane, albei geleë op die plaas Merensky (32LU) wat eers aan die NKW behoort het. Ander belangrike terreine in die deel van die navorsingsgebied was Nagome, Moloto en Nareng verder noord en wes in die Phalaborwa-sandveld.

Die landskap is sterk golwend met steil hellings maar met geen kransagtige koppies soos in die Phalaborwa-sandveld nie (Figuur 40). Weens die besondere plooiing het dit talle klein spruitjies wat die gebiede ten noorde en suide van die Olifantsrivier dreineer (Foto 8). Die ongelykheid van die terrein bemoeilik argeologiese verkenning en die opsporing van terreine. Hoewel water geredelik beskikbaar is, was dit nie 'n gunstige gebied vir laat-ystertydperk-gemeenskappe om woon- en uitgebreide reduksieterreine aan te lê nie. Die gebied word geologies onderlê deur metamorfe-gesteentes soos amfioliet, serpentiniet, kwartskis, kwartsiet en ander gesteentes van Swazium-ouderdom (Schutte in Gertenbach 1983: 35). Gesteentes soos serpentiniet en kwartskis is gebruik om soutprosesseringsbakke te vervaardig. Vroeër jare is talle talkskisbakke dan ook opgetel op die plase Sheila (10KU) en Rhoda (9KU) waar dit veral by 'n terrein soos Ntsabadi gebruik was (J. Scholtemeyer, e.a., pers. mededeling).

Die ongelyke topografie van die gebied word gereflekteer deur die variasie in hoogte bo seespieël wat wissel tussen 250 tot 300m bo seespieël. In die noordweste-

like gedeelte van die gebied is deinings wat tot 400m bo seespieël geleë is. Die grond van die landskap is nes dié van die koppies vlak en klipperig (**lithosols**) weens die steil hellings van die gebied. Op die grondoppervlak kom klippe van alle groottes voor (Gertenbach 1983: 35-36).

Die landskap is relatief droog weens die steil hellings en vlak klipperige gronde sodat die plantegroei xerofitiese kenmerke het. Die veldlaag is skraal en ontwikkel nooit 'n stabiele grasbedekking nie. Dominerende bome van die landskap is **Combretum apiculatum**, **Colophospermum mopane**, **Commiphora mollis**, **Terminalia prunioides**, **Grewia villosa**, **Boscia albitrunca**, **Acacia nigrescens**, ens. Skaars boomsoorte van die gebied is **Kirkia wilmsii**, **Ficus smutsii**, **Olax dissitiflora**, en andere. Die landskap word egter onderskei van ander op grond van spesies soos **Melhania porbesii**, **Justicia kraussii**, **Sporobolus panicoides**, **Bidens pillosa**, ens. (Gertenbach 1983; 36-37).

Hoewel 'n skraal veld die landskap kenmerk, kom 'n groot verskeidenheid wild daarin voor. Die algemeenste is olifante, klein groepies kwaggas, rooibokke, kameelperde, koedoes en waterbokke. Kleiner wild soos klipspringers, vlakvarke en bobbejane kom ook voor (Gertenbach 1983: 37-38). Omdat 'n deel van die plaas Merensky (32LU) vandag nog deur die Palabora Mynmaatskappy as privaat wildreserwaat bestuur word, kom die wildsoorte nog in die gebied voor.

4. Die klimaat

Die klimaat oor die navorsingsgebied verskil nie noemenswaardig nie. Die gebied is warm en droog. Temperature van meer as 40°C in die somermaande is nie 'n ongewone verskynsel nie. As gevolg van die egalige hellings van die noordelike mopanie-savanne en die hoër geleë Phalaborwa-sandveld, kom ryp feitlik glad nie in die twee landtipes voor nie. In die laerliggende gedeeltes van die suidoostelike Olifantsrivier-hardeveld mag ryp wel in die wintermaande voorkom.

As gevolg van die hoër ligging van die Phalaborwa-sandveld (350-400m bo seespieël) het die landskap 'n hoër gemiddelde reënval. So ontvang Phalaborwa 'n reënval van 481mm per jaar, en Letaba ten ooste van Phalaborwa in die NKW 'n reënval van 462mm per jaar. In die Olifantsrivier-hardeveld met 'n reënval van tussen 450 en 500mm per jaar word die droogheid verder beklemtoon deur die steil hellings en vlak gronde van die gebied (Gertenbach 1983: 35, 37, 41).

Ten spyte van ongunstige omgewingsomstandighede vir bv. veeteelt- of akkerbou-praktyke, het ystertydperkgemeenskappe die omgewing beset - hoofsaaklik vanweë beskikbare minerale waarmee 'n toepaslike bestaansbedryf gevestig kon word.

5. Die bewoners van die omgewing

5.1 Algemeen

Enkele studies en kort publikasies oor die oorsprong en geskiedenis van die baPhalaborwa is geskryf (Krige 1937a & 1937b; Du Toit 1967 en Van der Merwe en Scully 1971), terwyl 'n doktorsale proefskrif oor die tegniese skeppinge van die gemeenskap ook die onderwerp aanraak (Du Toit 1968). Die uitgebreidste ondersoek na die oorsprong en geskiedenis van die baPhalaborwa soos dit uit mondelinge oorleweringe bekend is, is egter 'n doktorsale studie wat deur Scully (1978) oor die onderwerp onderneem is.

In sy studie van die herkoms, vestiging en geskiedenis van die baPhalaborwa, het Scully (1978) gebruik gemaak van veertien weergawes van die etniese geskiedenis van die groep soos dit deur veertien informante verskaf is. Die inligting is onderling vergelyk en gekontroleer en ook aangevul met inligting uit bogenoemde geskrewe bronne asook met die stam se eie geskrewe (**mosate**) weergawe van hulle geskiedenis.

In die bestudering van die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa het Scully ook onderskei tussen genealogieë van die prestigegroep of baMalatji, en nie-prestige groepe soos die Mahlongane, Mojela, Monyaela en ander groepe wat nie 'n gemeenskaplike afkoms en herkoms met die baMalatji het nie. Sommige van die groepe wat uit die noorde (Venda en Zimbabwe), die ooste (Mosambiek en moontlik Swaziland), die suide (Drakensbergomgewing en selfs die huidige Lebowa), en die weste (Gravelotte, Tzaneen, Duiwelskloof en moontlik Pietersburg-omgewing) afkomstig is, het òf voor òf na die baMalatji in Phalaborwa gearriveer.

In die hieropvolgende bespreking van die baPhalaborwa se oorsprong en geskiedenis word feitlik uitsluitlik van Scully (1978) se navorsingsbevindinge gebruik gemaak weens die volledigheid en uitgebreidheid daarvan. Die verskillende weergawes van die geskiedenis van die baPhalaborwa en van ander binnekomende groepe is meestal uiters gedetailleerd en weerspieël die komplekse proses van akkulturasie wat verskeie kultuurgroepe oor twee tot drie eeue deurloop het om uiteindelik die baPhalaborwa te vorm. Uiteraard verskil van die weergawes ook van mekaar

omdat dit berus op mondelinge oorlewering wat sentreer rondom belangrike politieke figure en/of gebeure van die verlede - dit wil sê primêr rondom kapteinsfigure en -genealogieë. Vir die doel van die proefskrif word verskillende weergawes aangaande die opvolging van kapteins nie in detail beskryf en/of ontleed nie, aangesien dit nie hier ter sake is nie.

Die doel met 'n samevattende beskrywing van die baPhalaborwa se etniese geskiedenis is om 'n breë oorsig van laasgenoemde te verskaf waaruit 'n oorsigtelike historiese raamwerk van die vestiging en geskiedenis van die baMalatji en ander groepe wat voor of na die baMalatji in Phalaborwa gearriveer het, verkry kan word. Ook word gebeurlikhede en/of persoonlikhede wat met sekere van die koppieterreine verweef en geskakel is, en waaroor inligting bekend is, beskryf. Die beskrywing van die herkoms en vestiging van verskillende gemeenskappe in Phalaborwa gee ook 'n aanduiding van die verskillende groeperings, faksies en belangegroepe wat in Phalaborwa voorgekom het, en selfs laasgenoemde se affiliasie met bondgenootgroepe buite Phalaborwa. Hierdie gegewens mag help om geografiese gebiede te identifiseer waar sekere terrein- en/of artefaktipes - insluitende bepaalde metaalbewerkiingsreste soos die primêre en/of sekondêre bewerking van yster en koper asook die tipe oonde hierby betrokke - voorgekom het. In dié opsig kan dus vasgestel word of daar enige verband tussen sekere argeologiese oorblyfsels en bepaalde vroeë baPhalaborwa in sekere gebiede of by bepaalde koppieterreine voorkom.

In enkele gevalle is ook aandag gegee aan die genealogieë en geskiedenis van nie-prestige groepe, dit wil sê vreemde kultuurgroepe wat op verskillende tye met verskillende herkomste hulle in Phalaborwa kom vestig het. Die groepe het net soos die baMalatji hulle verwantskap of bondgenootskap behou met hulle afkoms-groepe buite Phalaborwa. Die buite-groepe wat soms onder andere as vroueverskaffers vir baMalatji-kapteins opgetree het, het ook met die opvolging van baMalatji-kapteins druk en invloed uitgeoefen om sekere persone in dié posisies bevestig te verkry.

In navolging van Scully (1978) word gebruik gemaak van die term baMalatji wanneer na die "ware" of werklike baPhalaborwa verwys word, dit wil sê daardie groep wat hulle oorsprong terugvoer na Malatji I en II wat die groep uit Bokgalaka na Phalaborwa via Bosbokrand gelei het. Die oorlewering aangaande die oorsprong en geskiedenis van die baPhalaborwa is rondom die groep verweef.

Oorlewering dui daarop dat verskeie groepe gemeenskappe uit verskillende windrigtings hulle in Phalaborwa kom vestig het voordat die baMalatji hier woonagtig was. Die groepe word beskryf as pre-baMalatji wanneer nie spesifiek na 'n groep soos die Koni, Mmopa, ens. verwys word nie. Hierteenoor het verskeie gemeenskappe soos die Nkwane, Selepe, Mahlongane, ens., hulle na die baMalatji in die omgewing by bestaande gemeenskappe by koppieterreine gevestig. Al hierdie gemeenskappe word gesamentlik beskryf as vroeë baPhalaborwa.

Soos reeds genoem, is daar voortdurend bondgenootskappe, groeperings en alliansies gesluit tussen groepe gemeenskappe in Phalaborwa met gemeenskappe in of buite die omgewing - veral deur huwelike van kapteins met vroue van sulke gemeenskappe binne of buite Phalaborwa. Die groeperings soos die Masêkê-Malatji, Makushane-Malatji en die Madume en Silwana wat vandag nog onder die baPhalaborwa voorkom, het diepgewortelde en dus historiese oorsprongsoorsake wat nie net na resente dispute tussen die groeperings alleen teruggevoer kan word nie.

5.2 Die huidige baPhalaborwa

Die baPhalaborwa is vandag ten weste van Phalaborwa woonagtig en wel in die volgende gebiede (Figuur 8):

- Die kern van die stam is onder kaptein Brown Malatji woonagtig in Makushane - 'n gebied van nagenoeg 5 193 hektaar aan die noordelike oewer van die Selatirivier en sowat 8km wes van Phalaborwa.
- Die Masêkê-woongebied is aan die suidelike oewer van die Selatirivier geleë en bestaan uit 'n gebied van 858 hektaar. Die gebied word bewoon deur die Masêkê-Malatji onder hoofman Masêkê II.
- Die Silwana groepering van die baPhalaborwa is woonagtig op 'n gebied van 5 263 hektaar aan die suidelike oewer van die Groot Letabarivier en 25km noordwes van die dorp onder hoofman Abiner.
- Die Madume bewoon saam met die baŠai 'n gebied ten weste van die Masêkê-Malatji en aangrensend aan die Makushane-Malatji wat suid van die Selatirivier geleë is. Hoewel hulle die baŠai in getalle oortref, is hulle onder die beheer van kaptein Masisimale van die baŠai.

5.3 Die oorsprong en geskiedenis van die baPhalaborwa

5.3.1 Genealogiese indeling

Die mondelinge oorlewering van die baPhalaborwa verskaf bruikbare inligting vir die argeoloog en historikus:

"Royal genealogies, apparently passed down until quite recently by tribal genealogy specialists, supply considerable detail and a time scheme. Individual family trees and histories are less informative, but provide additional chronological depth for comparative purposes. Tales of famous men and events, place names and their significance, and descriptive data from senior members of the tribe supply the remaining bulk of the oral history. These forms of remembered history overlap in most cases, so that data about past famines, warfare, and trade may be reasonably correlated with positions on the pedigrees and specific locations within the tribe's traditional geographic borders." (Van der Merwe en Scully 1971: 187)

In 'n vroeër oorsigtelike beskrywing van die baPhalaborwa se oorsprong en geskiedenis, verdeel Scully die genealogie van die baPhalaborwa in drie kategorieë (vgl. Genealogie A).

Die eerste kategorie verteenwoordig 'n aantal mitologiese voorvaderfigure wat dien as verduideliking vir betekenisvolle gebeure van die verlede. Die vroegste bekende persoon is Malatji wat verbind word met die oorspronklike woonplek van die groep, nl. Bokgalaka. Hy word opgevolg deur sy seun Mmakao terwyl 'n jonger broer, Malatji II, die groep "uit vrees vir sy broer" uit Bokgalaka na Phalaborwa lei (op. cit. p. 187).

Die vroeë name wat in die eerste kategorie van die genealogie voorkom, (vgl. ook Genealogie B) en wel voor Mothatewaleopeng, hoort in der waarheid tuis in die kader van die etimologie. Sommige van die name, bv. Ramokhonono (en variante vorme), Selematsela, Ssetlamabu en ander verskyn in die algemeen vroeg in genealogieë en kan sekere groepe of sleutelwoorde vir prysliede van sekere uitstaande groepe wat nou in die baMalatji-sfeer geabsorbeer is, verteenwoordig. Die name verskaf ook geen inligting oor vroeëre periodes nie. Dit dui slegs op belangrike invloede in die verlede wat gepersonifieer is en wat herdenk word as sekere tydperke in die geskiedenis. Ook word die name gebruik in pryspoësie of -liedere (Scully 1978: 240-241).

Een van bogenoemde name, nl. Selematsela, wat ook geassosieer word met die

Hlame wat (vandag baMalatji is) en wat verbind word met die vroeë bewoning van Sekgopo, dui byvoorbeeld 'n periode van intense handel en handelsaktiwiteite aan. Die rol van die Hlame of Selematsela as handelaars word breedvoerig in Hoofstuk III bespreek (vgl. III: 2.3.1.1). Vanaf die name van Mothatewaleopeng en Sekhutusammoto vind ons 'n meer eksakte chronologie en detail van historiese gebeure. Gevolglik word die voorgeskiedenis van die baPhalaborwa meer breedvoerig bespreek vanaf Kgashane se regeringstyd.

Min is ook bekend van die tweede groep name (Genealogie A). Die opvolgingsorde verskil in verskillende genealogiese weergawes. Dit is ook moontlik dat die deel van die baPhalaborwa se genealogie geteleskopeer is en dat sekere persone se name uitgelaat is - veral as in ag geneem word dat die baPhalaborwa beweer dat meer as twintig kapteins by Sealeng begrawe is. Die derde kategorie bestaan uit die mees resente kapteinsfigure, hulle regente en hulle belangrikste politieke opponente. Die name word verbind met prysliedere, verhale oor opvolgingsdispute en word goed onthou hoewel die volgorde - veral van die ouer name - dikwels omgeruil word (Scully & Van der Merwe 1971: 189).

5.3.2 Oorsprongs- en vestigingsweergawes

Verskillende weergawes oor die oorsprong en/of herkomsgebied word vir die baMalatji aangevoer. Die weergawes is nie hier ter sake nie, asook nie vertellings aangaande die baMalatji se eerste kontak met die Shokane of 'n plaaslike inheemse bevolking(s) in Phalaborwa nie. In kort kan die beweging en vestiging van die baMalatji in Phalaborwa soos volg beskryf word.

In die migrasie van die baMalatji vanaf Bokgalaka na Bosbokrand en daarna weer noordwaarts na Phalaborwa - wat 'n beter woongebied as die suide sou wees, vandaar een verklaring vir die herkoms van die naam Phalaborwa - het die groep hulle oorspronklik by Makwibidung gaan vestig. Die ligging van Makwibidung en die verskillende weergawes aangaande die baMalatji se vestiging by dié of moontlik ander woonpunte, word later bespreek (vgl. III: 2.3.2.4). In die verskuiwingstydperk het die groep die **tshwene** (bobbekaan) as totem laat vaar vir die **noko** (ystervark) terwyl 'n jagterbestaanspatroon plek moes maak vir landboubedrywigheide.

Met die baMalatji se vestiging in Phalaborwa het hulle 'n vreemde inheemse groep, nl. die Shokane by Loolekop onderwerp. Die groep het na bewering oor geen kennis van die maak van vuur beskik nie, en hulle kos rou geëet. Hierop word die baMalatji

die heersers van die gebied, hoewel hulle in teenstelling met die Shokane wat volgens sekere oorleweringe bedrewe koperbewaterkers was, oor geen kennis van metaalbewerking beskik het nie. Verskillende groepe met meestal onbekende herkomsgebiede en van verskillende kulturele agtergronde soos die Pilusa, Nkwane, Mashale, Malesa en andere het hulle egter in die gebied kom vestig en 'n kennis van metaalbewerkingspraktyke met hulle saamgebring.

Volgens Scully word bogenoemde tema algemeen in Suidelike- en Oos-Afrika aangetref in mondelinge oorleweringsgeskiedenis. Die binnekoms of arriewering van 'n mobiele en vreemde kultuurgroep (soos die baMalatji) tussen vroeëre gevestigde en aangepaste gemeenskappe wat onderwerp word, is dus 'n bekende tema. Die nuwe regerende minderheid word hierop vinnig in die gevestigde populasie opgeneem. Die heersersgroep word hierna ononderskeibaar van die plaaslike bevolking, behalwe in sekere prerogatiwe wat veral met rituele aspekte en die monopolisering van gesogte goedere verband hou (Van der Merwe en Scully 1971: 187-188).

5.3.3 Die vroegste voorgeskiedenis van Phalaborwa (ca 1600-1750)

'n Vergelyking van geskrewe genealogieë dui daarop dat die mistieke "Malatji"-voorvader van die baPhalaborwa die eerste keer in oorleweringsgeskiedenis figureer net voor die leeftyd van Mothatewaleopeng. Die tydperk val waarskynlik ook saam met die verbreking van 'n langdurige kontak en bondgenootskap met noordelike belangegebiede weens prominente ekonomiese en tegnologiese invloede vanuit die ooste en suide van Phalaborwa. Die oriëntasie van Phalaborwa-groepe na die ooste het waarskynlik plaasgevind ná Muhoemane deur Phalaborwa gereis het in 1727 en "Palaoette" (Phalaborwa) beskryf het as behorende aan die Venda-heerser, "Intowelle". Die beëindiging van 'n Venda-monopolie oor Phalaborwa was egter 'n geleidelike proses wat reeds in die sewentiende eeu 'n aanvang geneem het en verhaas is met die Portugese skeepvaartbedrywighede en entrepreneurskap langs die Mosambiekse kus in 1730 en 1740. Met die vestiging van Portugese handelstasies aan die Ooskus word Phalaborwa nou 'n belangrike skakel in die handelsroetes wat reeds tussen die kusgebied en Venda bestaan het voor 1727. Die handelsaktiwiteite lei veral tot die stimulering van metaalproduksie (Scully 1978: 236-238).

Die stimulering van handelsaktiwiteite en metaalproduksie het weer sekere sosio-politieke gevolge geskep. So lok welvaart nuwe groepe en gemeenskappe wat hulle in die gebied vestig en wat die bestaande politieke bestel uitdaag. In die periode van verandering waartydens die nuwe gemeenskappe uitdagings aan die

bestaande politieke bestel gerig het, het Mothatewaleopeng en diegene wat met die naam in mondelinge oorlewering geassosieer word, hulleself as die dominante gesag in Phalaborwa gevestig om sodoende die baMalatji-kapteinskap tot stand te bring. Die daarstelling van die nuwe heersersgroep was egter 'n komplekse proses wat geskied het deur huweliksluiting met vroeëre belangrike of prestigegroepe, en ook om die heersersgroep as 'n beskermheer vir ander groepe te laat optree.

"Legitimacy had to be established to keep rivals at bay and to ward off natural disaster which indigenous ancestors could bring. Oral tradition suggests that genealogy manipulation and selective marriages provided important bridges between old and new elites, a process well established in the area. Formerly prominent groups such as the Mmopa however lost their power Venda values and prestige remained an important factor in subsequent succession issues and Venda descended groups retained political and economic influence until recent times." (Scully 1978: 238-239)

5.3.4 Die regeringstyd van Kgashane (ca 1770-1800)

Die Kgashane regeringsperiode is nog 'n skakelingstydperk in die voorgeskiedenis van die baPhalaborwa met Kgashane as die dominante figuur in die periode. Die tydperk word ook gekenmerk deur 'n magstryd tussen verskillende belangegroepe in Phalaborwa wat bande het met groepe buite Phalaborwa (Scully 1978: 273).

Kgashane word onder andere beskou as 'n seun van Sekgotosammoto en as ouer broer van Lepane (Genealogie B). Gedurende 'n opvolgingsdispuut tussen die twee broers verdrink Lepane in die Letabarivier in die Krugerwildtuin. In die tydperk verlaat Kgashane Makwibidung wat verbind word met die Pilusa en Mashale om by Modumeleng in die suidweste van Phalaborwa (waarskynlik die huidige Croc Ranch) te gaan woon. Die opvolgingsdispuut dui op 'n vroeë verdeling van die gemeenskap van Phalaborwa in 'n groep wat by Modumeleng agterbly terwyl 'n tweede groep ooswaarts beweeg. In verskeie **direto** word ook melding gemaak van Kgashane se gebruik van die pyl en boog, van oorloë, die gebruik van gif in oorloë en moontlik ook die fortifikasie van koppies as 'n verdedigingstrategie gedurende die tydperk (op. cit. p. 190-191, 273-274, 280).

In genealogieë word Kgashane vermeld as 'n afstammeling van verskeie voorgangers. Dit mag egter wees dat dié periode 'n breuk met die onmiddellike verlede verteenwoordig weens eksterne gebeure soos veral kontak met die Tsonga, maar ook met die Swazi- en Pedi-invloed vanuit die suidooste (sic). In die tydperk verdwyn die

invloed van die Mmopa as vroueverskaffers aan die koningshuis heeltemal (op. cit. p. 276).

Kgashane word baie duidelik in oorlewering verbind met die Tsonga - hetsy deur verwantskap of bondgenootskap. Een weergawe beskryf Kgashane as die eerste Pilusa wat Phalaborwa vanuit die rigting van die NKW binnegekom het. Die Pilusa was bekende ysterbewerkers, myners en reënmakers wat woonagtig was by die "rooi plekke", dit wil sê Makwibidung. Die Pilusa is vernoem na hulle besondere vermoë om reën te veroorsaak, (**pilusa** is 'n afleiding van **go biloga**). Hulle het 'n nuwe manier om reën te maak bekend gestel, wat berus het op die gebruik van toormiddels en medisyne van die wortels van bome. Hoewel 'n weergawe die Pilusa beskryf as afkomstig van dieselfde plek as die baMalatji en ook van die **noko** (yster-vark), word ook gemeld dat die Pilusa na die baMalatji in Phalaborwa gearriveer het. Die Pilusa word ook gekarakteriseer as dieselfde mense as Mashale - hetsy deur ondertrouing met laasgenoemde of weens dieselfde herkoms (op. cit. p. 276-278) (vgl. ook III: 2.1.2.3 & IX: 3.4).

Verskeie aspekte dui egter op Kgashane se kontak met die ooste. Ook Kgashane se vrou en Meele sy opvolger se moeder van die Mojela Tla Keng is van die ooste. Dié skakeling met die Mojela wat ook reeds in die tyd van Mothatewaleopeng bestaan het, dui op die vroeë belangrikheid van die Mojela in die baPhalaborwa se voorgeskiedenis (op. cit. p. 278) (vgl. ook III: 2.3.1.3).

Die aard van die oostelike invloed wat in Phalaborwa ondervind word, word deur Scully (1978: 279) toegeskryf aan Junod se verklaring dat 'n Nguni-aristokrasie in Mosambiek ontwikkel het nadat Manukusa, die grootvader van Nghughunyana, dele van die gebied onderwerp het. Die bande wat bestaan het tussen groepe soos die Mojela, die Botinkane ("die van Dingaan") en die Mahlongane-Shangana wat beeste na Phalaborwa gebring het, mag 'n verlenging en/of uitbreiding van die Zoeloe-invloed in die Phalaborwa-omgewing verteenwoordig (Scully 1978: 279).

Die gebeure verbonde aan die opvolging van Kgashane is uiters kompleks en dui soms op konflik en ander kere op die vreedsame naasbestaan van verskillende groepe in Phalaborwa (op. cit. p.279). Slegs enkele van die belangrike figure en gebeure wat met die tydperk verbind word, word vervolgens bespreek.

'n Weergawe beskryf Kgashane en Ramokgonwane as die eerste baMalatji en beide as kontemporêr met Meele. Ramokgonwane word ook beskou as die eerste persoon

wat voorlaaiers besit het wat deur die багаSelepe wat van Bokgalaka afkomstig was, vervaardig is. Ramokgonwane mag 'n skakel met 'n noordelike groep mense verteenwoordig en mag dus die voorvader wees van die Malesa van Bokgalaka. Gewere het skoffelpiklemme as trougoedere vervang terwyl verwysings na spiese en pylpunte in **direto** verwys na die binnekoms van die Nkwane en Pilusa wat spiese vervaardig het, en wat deur die Hlame van Sekgopo aan die Swazi en moontlik ook die Zoeloe in Mosambiek verhandel is (op. cit. p. 279-280).

5.3.4.1 Die posisie van Mosholwane

In enkele genealogieë word Mosholwane beskou as 'n seun van Kgashane (Genealogie A) wat hom vanaf Modumeleng by Sealeng vestig waar hy lank en vreedsaam gewoon het. Ander weergawes sien hom as oorwin en vermoor terwyl ander hom sien as 'n wedyweraar parallel met Kgashane. Die naam kom ook voor in assosiasie met Meele - soms is hy laasgenoemde se vader, soms sy seun. Die volgende chronologie van gebeure word egter deur Scully (1978: 281-284) voorgestel as verteenwoordigend van Mosholwane se leeftyd.

Nadat Lepane in die Letabarivier verdwyn met die **nkutwane**-trom laat hy Kgashane agter sonder enige koninklike regalia waarvan die besit dui op die eienaar se reg om te regeer. 'n Nuwe tromstel (die **nkutwane**, **botlolo**, **tlanka** en **boreti**) word deur Kgotwane vervaardig waarmee Mosholwane saam met sy verbintenis met Mothatewaleopeng en Sealeng die gesag van Kgashane en die opvolgingsreg van Meele bedreig. Mosholwane word egter deur Kgashane of laasgenoemde se toedoen vermoor en by Sealeng begrawe. Verskillende weergawes vir die uitskakeling van Mosholwane word aangebied.

Dit is moontlik dat Mosholwane oorwin is deur 'n alliansie wat tussen Kgashane en die baPedi en/of baKoni van Mafefe in die suide langs die Drakensberg gesluit is. 'n Ander weergawe meld dat 'n oorlog met die Mahadimane (Magadimane) plaasgevind het, en dat die vyand met hulle deurtog deur Phalaborwa na Bokgalaka slegs vir Mosholwane gedood het en dat die optrede polities gemotiveer was aangesien geen eiendom beskadig is en/of beeste gesteel is nie. 'n Verdere weergawe meld dat Mosholwane deur weerlig gedood is en as **kgosi** vervang is deur "Ngkwane" (Nkwane). Volgens dié vertelling wil dit voorkom asof die Nkwane vir 'n tydperk tydelik beheer oor Sealeng (en dus Phalaborwa) oorgeneem het (vgl. IX: 3.4).

5.3.5 Die regeringstyd van Meele (ca 1770-1820)

Mondelinge oorlewering verbind die tydperk met nuwe idees, wedywerende belangegroepe en die vestiging van mag deur rituele en tegnologiese praktyke. Hoewel Meele hom vanaf Kgopolwe by Makwibidung gaan vestig na die dood van Mosholwane, verskuif die politieke gesag in die tydperk na Kgopolwe. Deur Meele se betrokkenheid en belange by beide Makwibidung in die ooste (moontlik sy moeder se verwante) en by Kgopolwe (moontlik sy patrilinie) in die weste te handhaaf, verenig hy die oostelike Makwibidung-Selongwe-area met die westelike Kgopolwe-Sealenggebied van Phalaborwa en konsolideer hy sy mag (Scully 1978: 285-286). Hy vestig uiteindelik nes Makekele later, sy **mosate** by Sealeng.

Meele en Ramatladi was beide seuns van Mosholwane wat om die kapteinskap gewedywer het. Deur 'n alliansie met die Nkwane te sluit, word Ramatladi egter verdryf na sy verwante in Mapulaneng (op. cit. p.286). Die gebeure gee 'n aanduiding van die belangrike rol wat die Nkwane in die tydperk sou vervul voor die koms van die Mahlongane-Shangana (vgl. ook IX: 3.4).

Die Nkwané was belangrike raadgevers by die **mosate**. Hulle hoë aansien was te wyte aan die feit dat hulle die gesteelde kapteinstromme gedurende die opvolgingsdispuut tussen Meele en Ramatladi teruggevind het. Hulle het vandag ook die **noko** (ystervark) totem. Hulle gesagsposisie was ook te wyte aan hulle vervaardiging van spiespunte wat verhandel is aan Nguni-groepe wat die Laeveld op verskillende plekke binnegekom het. Dit word beweer dat ook die Nkwane van Swazi-oorsprong was en onder hulle leier Mapotomane uit 'n oostelike oorsprongsgebied gedruk was, of doelbewus na Phalaborwa gekom het om 'n houvas op ysterproduksie in die gebied te verkry (op. cit. p.287-288).

Die opvolgingsgeskiedenis van Meele word net soos in die geval van Kgashane gekenmerk deur botsende belangegroepe, moorde en die ondermyning van gesag, terwyl die gemeenskap van Phalaborwa nou ook gekonfronteer word met dramatiese verandering. Twee onafhanklike weergawes in verband met die genealogiese herkoms van Meele beweer verder dat hy **kgosi** geword het weens verbintenisse wat nie met Kgashane bestaan het nie (op. cit. p.288-290). Een van die weergawes is in besonder van belang omdat dit herlei kan word na die oorsprong van die Masêkê-Malatji.

Bogenoemde weergawe sien Meele verwant aan 'n onbekende of vergete patrilinie wat egter verwant was aan Mphalakanya en sy seun Mabu, deur 'n huwelik met

die Monyaela. Mabu wat jonger as Meele is, sou 'n belangrike bondgenoot van Meele word. Mphalakanya verteenwoordig 'n patrilinie vanaf die tyd van Meele se vader, Kgashane, en word gevolg deur Phuti die voorganger van die Masêkê-Malatji (sien Du Toit in Genealogie A). Die huwelik van Mphalakanya met 'n Monyaela-vrou is die vroegste aanduiding van die belangrikheid van die groep. Die Monyaela word egter veral belangrik in die volgende generasie wanneer hulle vroue aan Makekele verskaf (op. cit. p.289).

Die tweede weergawe sien Meele as geskakel met Mosholwane en as afkomstignes Ramatladi - van die Mathipa. (Ander weergawes verbind Ramatladi egter met die Mojela Tla Keng). Meele word ook met Makwibidung verbind (vgl III:2.3.2.4) hoewel hy later verhuis na Kgopolwe en Sealeng uiteindelik sy **mosate** maak. Sy regeringstyd word ook onthou en gekenmerk deur die ondertrouing of assimilasie van verskillende groepe, inisiasieseremonies vir mans, en Meele se vrygewigheid aan sy onderdane. So was graan so volop in die tydperk dat dit eintlik vermors was (op. cit. p. 290-291).

Meele word telkens genoem in assosiasie met die Mathipa, 'n groep wat ten weste van Phalaborwa voorkom en wat met die baPhalaborwa ondertrou en uiteindelik deur laasgenoemde geabsorbeer is. Vroeëre bondgenootskappe met die Mathipa was van politieke belang en het in die geval van Makekele, Ramatladi en moontlike ander sleutelfigure 'n **malome**-skakel met die groep verteenwoordig. 'n **Sereto** beskryf Meele egter ook met oostelike (Shangana) verbintenisse maar "met 'n Laeveld Sotho-kultuur" (op. cit. p.292).

Meele was ook betrokke in opvolgingsdispute met sy broers Manabe van Sekgopo en Ramatladi. Al drie broers was seuns van Mosholwane maar het verskillende moeders gehad. Min inligting is oor die Meele-Manabe opvolgingsdispuut bekend. Dit wil egter voorkom asof Manabe eenvoudig teruggestaan het vir Meele as **kgosi**. Dit is dus moontlik dat Sekgopo vir 'n tyd lank uit die invloed- en magsfeer van Meele gebly het (op. cit. p.293-294).

Die gegewens aangaande die verwantskap en posisie van Ramatladi is nie duidelik nie. Soms word hy gesien as 'n ouer broer van Makekele van 'n junior vrou of as broer van Meele of as beide (Scully 1978: 296). Gedurende die opvolgingsdispuut tussen Ramatladi en Makekele het Ramatladi na sy verwante in Mapulaneng gevlug. Hy is later deur Makekele teruggenooi na Phalaborwa (op. cit. p.295-296) en word verbind met die bewoning van Mapotini (vgl. VIII: 4.4).

Die regeringsperiode van Meele was ook 'n tydperk van kontak en uitbreiding van Phalaborwa se invloed oor ander gemeenskappe in aangrensende areas. Nuwe gemeenskappe bring nuwe kundigheid wat die uitbreiding van invloed bevorder. Saam met die invloedsuitbreiding verstewig en konsolideer Meele sy politieke gesag en die monargie. Mondelinge oorlewering reflekteer sommige van die prosesse, bv. die rituele prerogatiwe van die **kgosi**, die uitbreiding van koninklike regalia en die uitoefen van huwelike noodsaaklik vir die behoud van invloed en beheer (op. cit. p.297-298).

Twee belangrike groepe gedurende die vroeë regeringstyd van Meele was die Mathipa van Mathipakop suidwes van Phalaborwa en die Mashale van Makwibidung. (Soos reeds genoem, was Meele se moeder van die Mathipa wat dui op 'n vroeë bondgenootskap met die groep). Min is van die Mathipa bekend weens dominansie deur die baPhalaborwa en die geleidelike eliminerings van historiese verskille. Die Mathipa was oorspronklik 'n **tlou**-groep wat yl in die Laeveld versprei was voor die baMalatji-periode. Hulle word ook beskou as van dieselfde afkoms as die Pilusa. Die Pilusa het of voor of na die baMalatji Phalaborwa binnegekom gedurende die baKoni-periode. Die Mathipa is egter ongetwyfeld 'n ou groep in die gebied en was prominent genoeg om die belangrikse vroueverskaffers vir die baMalatji te word. Die verhouding is gedurende die regeringstyd van Makekele gekontinueer (op. cit. p. 298).

Die Mathipa is polities en ritueel deur Meele onderwerp. Dit word bevestig in weergawes aangaande die koninklike tromme van die baPhalaborwa. Hoewel die tromkultus reeds in vroeëre tye bestaan het, is dit in opvolgingsdispute vernietig. Die kultus word egter deur Meele heringestel en grootliks uitgebrei. Die heiligste trom, die **nkutwane** is deur Dinoke die seun van die Mathipa vervaardig nadat Meele die groep onderwerp het. Verdere of sekondêre tromme is deur die Monyaela vervaardig en verteenwoordig waarskynlik die begin van Monyaela-invloed op die baMalatji. Nou verbandhoudend met die herinstelling van die tromkultus is die tradisie dat Meele die **letsoku** (oker) van Mashale van Makwibidung ontdek het en die gebruik daarvan in die tromkultus bekend gestel het. Die verband tussen Meele en Makwibidung word ook in dié weergawes vermeld (vgl. III:2.3.2.4) (op. cit. p.298-300).

Die vestiging van nuwe idees en rituele konsepte om die misterie en krag van die **kgosi** te versterk, is deur Masaleni, 'n **ngaka** (kragdokter) wat Meele in Zimbabwe gaan haal het, bekendgestel. Meele was sterk afhanklik van sy vermoë om reën

te maak om sy heerskappy oor mededingende groepe te handhaaf. Meele stuur dan ook sy seun Makekele na Bokgalaka om as **ngaka** (kragdokter) opgelei te word (op. cit. p.301-302).

Meele se regeringstydperk was voorspoedig. Nie net was daar genoegsame graan beskikbaar nie, maar die bagoSelepe geweervervaardigers vanaf Bokgalaka het hulle ook in Phalaborwa kom vestig. Terwyl gewere voorheen (onder andere in die tyd van Mothatewaleopeng) ingevoer is, is dit nou plaaslik vervaardig. Dit lei tot 'n verandering in ruilartikels, handelsaktiwiteite en waardes. So word voortaan diere gejag en dus voedsel bekom sodat plaaslike vroue maklik getrou kon word. Gewere sou ook voortaan as **bogadi** (trougoedere) in die plek van skoffelpiklemme gebruik word (op. cit. p.303).

Meele trou ten minste een dogter van die Mathipa wat die moeder is van Makekele. Die huwelik mag 'n verskuiwing van bande verteenwoordig van die ooste na die weste. Na die dood van Meele volg 'n opvolgingsdispuut tussen Makekele en sy Mathipa-verwante en Paane wat in bondgenootskap is met sy matrilinie - die Moloto van Mapulan'eng in die ooste (sic) wie se afkoms "Bakoni van Matlala" is. Paane verteenwoordig belange wat by Nagome gesentreer is, en is die voorganger van die Masêkê-Malatji. Hy het ook 'n onsekere afkomsverwantskap met die Shokane en was as die regmatige **kgosi** beskou deur die baNakome (sic) met Meele se dood (op. cit. p.304-305).

5.3.6 Die regeringstyd van Makekele (ca1800-1870)

Makekele se regeringstyd was die ontstuimigste periode in die voorgeskiedenis van Phalaborwa. In die tydperk vind oorloë met die Zoeloe, Swazi en Shangana plaas asook die eerste kontak met blankes. Die florerende metaalproduseringsbedryf van die gebied kom aan die einde van die periode tot 'n stilstand. Weens die beskikbaarheid van goedkoop vervaardigde metaalvoorwerpe kom die uitvoer van yster- en kopervoorwerpe tot stilstand. Die ontwrigting van die Difaqane in die omliggende gebiede bring groepe vlugteling na die grootliks onaangeraakte en kalm omgewing van Phalaborwa en die Laeveld. Die bestaande en nuwe binnekomende gemeenskappe word voortdurend geïnkorporeer en onder die baPhalaborwa-monargie gekonsolideer. Die handelsroetes wat gedurende die wintermaande vanaf Maputo deur Phalaborwa na Spelonken in die Soutpansberggebied beweeg, bring in die tydperk ook nuwe vorme van rykdom na die gebied - veral met die kwyning van die metaalproduserende bedryf (Scully 1978: 307).

Makekele was 'n formidabele **kgosi** (kaptein) en **ngaka** (kragdokter) wat sy opleiding as laasgenoemde in Bokgalaka ondergaan het. Sy reputasie as kragdokter het feitlik legendariese afmetings aangeneem. Hoewel sy opvolging met min struweling gepaard gegaan het, was sy vernaamste politieke teenstanders Ramatladi van Mopoteng/Mapotini en Paane van die Masêkê-Malatji van Nagome, wat ook verbind word met die Shokane en Seale. Makekele is gebore uit 'n huwelik van Meele van Sealeng met 'n Mathipa-vrou gedurende sy skakeling met die baLobedu waar hy handel gedryf het vir **mabele** (graan). Die huweliksvennootskap met die Mathipa in die weste verteenwoordig ook die verstewiging van landboubelange met die gebied en die verskuiwing van politieke invloed vanaf Nagome in die ooste en vanaf Mapotini waar die volgelinge en ondersteuners van Ramatladi woonagtig was (op. cit. p.308-309).

5.3.6.1 Opvolgingsdispute tussen Makekele, Ramatladi en Paane

Soos reeds genoem, was Makekele se belangrikste politieke opponente Ramatladi en Paane. 'Die opvolgingsdispuut tussen Ramatladi en Makekele wat beide uit huwelike met Mathipa-vroue gebore is, is breedvoeriger bespreek in die terreinbeskrywing van Mapotini (vgl. VIII: 4.4).

Makekele is as heerser voorberei deur sy opleiding as **ngaka** in rituele sentra in Bokgalaka en/of ander noordelike gebiede te ondergaan (Zimbabwe, Venda en/of Bolobedu?). Met sy terugkeer stel hy onder andere 'n nuwe tipe oorlogvoering en reënmedisynes bekend. Sy opvolgingsdispuut met Paane van Nagome en Serotwe neem ook nou 'n aanvang (vgl. VIII:3.5).

Die opvolgingsdispuut tussen Paane en Makekele verteenwoordig 'n laaste poging van die Shokane van Nagome en die Moloto met hulle Mapulaneng-affiniteite om hulle gesag en prerogatief as 'n gevestigde en ou heerserslinie opnuut af te dwing en te herbevestig. Die botsing mag ook voortgespruit het uit die verdwyning van die Seale vanaf Sealeng na Meele se dood. Hy word by Sealeng begrawe waarop dit die **badimong** (voorvaderbegraafplaas) word van Makekele. Met laasgenoemde se bewoning van die terrein versterk hy sy aansprake op die kapteinskap en oorwin hy in der waarheid vir Paane (op. cit. p.315-316).

Paane was in beheer van die terreine Mabadika, Serotwe, Nagome en Lethane (Lithuatjana?). Sy bondgenote en familie was woonagtig in Mapulaneng en het

sy aansprake op die kapteinskap ondersteun. Net soos Makekele 'n westelike bondgenootskap met die baLobedu gehad het, was Mapulaneng 'n bron van ondersteuning vir die oostelike dele van Phalaborwa (op. cit. p.317). Die oostelike en westelike bondgenootskappe het waarskynlik ook tot stand gekom vanweë handelsverbintenisse wat tussen dié gebiede en die vroeë baPhalaborwa in verskillende geografiese sfere in Phalaborwa ontwikkel het.

5.3.6.2 Phalaborwa as metaalbewerkingsentrum

Na die opvolgingsdipute het Makekele sy gesagsposisie gekonsolideer nadat verskeie suksesvolle skermutselings teen indringers geloods is. Ook Makekele se vermoëns as oorlog-**ngaka** (kragdokter) en reënmaker het veel daartoe bygedra dat sy regeringsgebied gestrek het vanaf Diskop by Gravelotte in die weste, in die waterskeidingsgebied tussen die Letaba- en Olifantsrivier en 'n gebied verder suidwaarts tot digby Mica. In dié tydperk, maar waarskynlik vroeër in die regeringstyd van Meele, het Phalaborwa reeds 'n reputasie as 'n belangrike metaalbewerkings- en produseringsgebied ontwikkel, wat eers teen die einde van die negentiende eeu getaan het. In die tydperk vestig ook die bakaSelepe geweermakers en die Nkwane spiesvervaardigers hulle in Phalaborwa.

"Venda and Nguni influence converged in Phalaborwa and made the early period of Makikele's reign a time when the cry of the forger's hammer was its distinctive characteristic..."

Die opvolgingsdispute waarin Makekele betrokke was, hang na alle waarskynlikheid ook ten nouste saam met die produksie van metale in die tyd. Nie alleen het die **kgosi** 'n monopolie oor die ertsbronne gehandhaaf nie, maar hy het ook 'n persentasie van die finale vervaardigde produkte ontvang net soos 'n tribuut in gejagte wild en ivoor aan hom betaal is (Scully 1978: 318-319).

5.3.6.3 Die Difaqane en baKgema

Gedurende die vroeë negentiende eeu was die invloed van die Difaqane wat elders op die Transvaalse Hoëveld intens gewoed het, feitlik glad nie in Phalaborwa gevoel nie. Die afloop van die tydperk het egter 'n kwota ontwortelde gemeenskappe opgelewer (die baKgema) wat ontwrigting veroorsaak het. Ook bestaan daar aanduidings dat daar wel kontakte met Zoeloe in die oostelike dele van die gebied kon voorgekom het, terwyl die Mahlongane-Shangana wel suksesvolle strooptogte vir die verkryging van beeste in die gebiede uitgevoer het (op. cit. p.319-320, 354). Phalaborwa se reputasie as 'n metaalproduserende gebied was waarskynlik verant-

woordelik vir die vrywaring van die gebied van Zoeloe-aanvalle gedurende die vroeë negentiende eeu. Die belangrikste invloed van die Difaqane was egter gevoel in 'n hongersnood (**Tlala ya Makgekgetwane**) wat die Laeveld en Hoëveld ondervind het. Groepe ontwortelde mense, nl. die baKgema wat oorblyfsels van baKoni- of Swazi-groepe was, plunder en besteel die gebied vanuit die omgewing van die Drakensberge. Ook geïsoleerde nedersettings in Phalaborwa word deur die gemeenskappe aangeval. Die wil voorkom asof 'n baKgema-groep selfs by Mapatse gevestig was waar hulle deur Makekele verdryf is (op. cit. p.320-324).

5.3.6.4 Swazi-invalle

Dit wil voorkom asof die baPhalaborwa 'n lang periode van probleme en konflik met die Swazi gehad het - hoewel ook 'n lang geskiedenis van vreedsame handel. Swazi, bygestaan deur Shangana, het die gebied van tyd tot tyd binnegedring op soek na beeste en om van die inwoners (as slawe) te ontvoer. Terreine word gefortifiseer maar nogtans word Sealeng, Mading, Sekgopo en Nagome (of Serotwe) aangeval. Die Swazi word egter uiteindelik deur 'n gesamentlike mag vanuit Sekhukhune, Bokgakga, Bōlobedu, Mapulaneng en Phalaborwa verslaan (Scully 1978: 324-329).

5.3.6.5 Konflik met Shangana

Gedurende Makekele se regeringstyd was hy ook opgesaal met aanvalle en botsings met die "Mabona", dit wil sê Shangana en ander groepe vanuit die ooste wat uiteindelik sy politieke en ekonomiese gesag sou ondermyn en wat aanleiding sou gee tot die verdeling van die baPhalaborwa in verskillende kontemporêre bestaande groepe. Een van die ernstigste botsings met die groepe het gevolg nadat Makekele se vrou deur 'n groep Shangana, of Nkwane, of Swazi ontvoer is, maar deur die befaamde kryger, Masetla, ontset is (op. cit. p.329-330).

5.3.6.6 Botsings met die Magwamba-Shangana en Albasini

Die regeringsperiodes van Meele en Makekele word ook gekenmerk deur die sterk bande wat die kapteins met die Mathipa en dus met die baLobedu in die weste gehandhaaf het. Met die aanvang van Makekele se regeringsperiode het die baMalatji dus sterk bande met die baLobedu gehandhaaf. Teen die helfte van die negentiende eeu het Majaji, die seun van Makekele, egter met ondersteuning van groepe uit die ooste soos die Hlame, Mojela, Senyolo, Mashale en andere, Sekgopo en ander terreine in die oostelike grensgebied van Phalaborwa laat oorgaan in 'n ooste-

like invloedseer (op. cit. p.308-330). Dit moes groter onafhanklikheid vir die groep meegebring het.

Die verhouding van die baPhalaborwa met die Shangana het veral verander na die aankoms van die Magwamba-Shangana wat as handelaars en jagters in die negentiende eeu op Phalaborwa se oosgrens begin optree het. Die botsings tussen die Magwamba en Albasini oor die jag van olifantkuddes wat uiteindelik saam met ander faktore die weg sou baan vir die ondermyning van Makekele se politieke en ekonomiese gesag, word breedvoerig bespreek in die onlangse voorgeskiedenis van Sekgopo (vgl. III: 2.3.1.2).

5.3.6.7 Diplomatiese betrekkinge

In die regeringstyd van Makekele (ca 1820) het verskeie groepe hulle in Phalaborwa kom vestig, bv. die Nkwane spiesvervaardigers met 'n Nguni herkoms, die багаSelepe geweervervaardigers van Bokgalaka en die baŠai wat in die omgewing van die GaMašišimale-heuwels gaan woon het (hoewel 'n vroeë binnekoms van 1750 nie onmoontlik was nie). Ook die Monyaela was skynbaar oorblyfsels van die baKgema wat in twee generasies 'n vooraanstaande groep geword het, en as vroueverskaffers vir die Makushane-deel van die baPhalaborwa opgetree het.

Huweliksluiting as grondslag vir bestaande en nuwe bondgenootskappe met aangrensende gebiede het in die tydperk voorgekom. Die bondgenootskappe was noodsaaklik in tye van hongersnood en die gevolglike daarstelling van handelsverhoudings. So is van Makekele se dogters en susters na gebiede soos Bolobedu, Thabina, Mametsha, Venda en Machete gestuur, terwyl vroue ook getrou is uit die belangrikste politieke sentra van die tyd (op. cit. p.338).

5.3.6.8 Handelsaktiwiteite

Hoewel handelsaktiwiteite sedert die eerste Selematsele in alle rigtings soos die verre noorde en die kus van Mosambiek voorgekom het, het handelspraktyke in Makekele se regeringstyd 'n hoogtepunt bereik. Roetes vir die vervoer van ivoor het vanaf die kus deur Phalaborwa na Venda gestrek. Verlaas vroue het skynbaar plaaslik vervaardigde goedere tot sover as Sibasa in Venda vervoer terwyl kinders hulle vergesel het. Die verhandeling van ivoor en metaalvoorwerpe was egter die taak van mans (op. cit. p.339).

5.3,7 Die regeringstyd van Lepato (ca1870)

Met die dood van Makekele is Phalaborwa verdeel in twee groepe, 'n westelike groep onder Lepato by Kgopolwe en die volgelinge van Majaji in die ooste by Sekgopo. (In der waarheid het ook 'n derde groep of faksie, nl. die Masêkê-Malatji in die suide van die gebied voorgekom - vgl. III: 3.5). Die opvolgingsdispuut tussen Lepato en Majaji lei uiteindelik tot die huidige verdeling, geografiese verspreiding en politieke struktuur wat kenmerkend is van die baPhalaborwa. Die regeringstyd van Lepato wat die vroeë geskiedenis van die Phalaborwa vanaf 1870 inlui, asook die opvolgingsdispuut tussen Madume en Silwana, die seuns van Majaji wat die stam verder sou skeur, word oorsigtelik beskryf in die resente voorgeskiedenis van Sekgopo (III: 2.3.1.2).

5.4 Samevatting

Die omgewingsomstandighede van die Loole-terreinkompleks skep 'n ingewikkelde natuurlike wisselwerking waarbinne verskillende gemeenskappe vanuit uiteenlopende omgewings en met nie-ooreenstemmende kulturele agtergronde hulle die afgelope aantal eeue gaan vestig het. Volgens mondelinge oorlewering was die bekendste die baMalatji. Rondom dié groep is vroeëre reeds gevestigde en latere binnekomen- de gemeenskappe in 'n draaikolk van historiese gebeure en prosesse ingesuijg ten einde beslag te gee aan 'n betreklike homogene kultuurgroep, nl. die baPhalaborwa van vandag.

Die omgewingsomstandighede van Phalaborwa was ongetwyfeld, soos dit vandag nog is, ongunstig vir landboubeoefening. Kleinskaalse sukkelende landbou-aktiwiteite is eers aan die begin van die twintigste eeu na die koms van die eerste blankes in die gebied beoefen. Die harde omgewingsomstandighede het egter ryklik vir die afwesigheid van 'n landboukultuur vergoed met 'n skat van ertsbronne waarvan die tegnologiese omskepping 'n nuwe bestaanseconomie kon verseker. Die welvaart wat die eensydige bestaanspatroon gegenereer het, het voortdurend vreemde gemeenskappe, waaronder moontlik selfs die oorspronklike baMalatji, na die omgewing gelok, waar hulle in een of ander rol in die metaalproduseringsbedryf van die gebied betrokke geraak het.

Hoewel enkele kleiner bronne van erts in die Loole-terreinkompleks kon voorgekom het, veral wat betref gemineraliseerde koperafsettings, was die belangrikste ertsbronne Loolekop en die Old Guide Myn. Die beheer oor die ertsbronne was waar-

skynlik nou gekoppel met die baPhalaborwa-kapteinskap, en ook een van die aanleidende oorsake vir die voortdurende opvolgingsdispute wat bestaan het ten opsigte van dié kapteinskap.

6. Samevattende chronologie van die baPhalaborwa se voorgeskiedenis en geskiedenis

Mondelinge oorlewering aangaande die herkoms en ontwikkeling van 'n oorspronklike baMalatji-nukleus tot die baPhalaborwa van vandag, is uiters kompleks en in sommige gevalle baie gedetailleerd. Andersins is daar nie in alle gevalle duidelikheid wat betref 'n chronologie van gebeure nie. Die uitsondering is die tydperk waartydens Makekele regeer het (ca1700-1780), en waartydens 'n groter mate van duidelikheid aangaande die opeenvolging van gebeure afleibaar is.

'n Chronologie van Phalaborwa se voorgeskiedenis met verwysing na die belangrikste gebeure kan volgens Scully (1978: 271-272; 284-285; 305-306 & 342-344) se chronologiese samevatting as volg uiteengestip word:

- Gedurende die sewentiende eeu (1600) verkeer Phalaborwa in 'n handelsverbindeenis met Venda en koninkryke van Bokgalaka. Volgens 'n beskrywing van Muhoemane was Phalaborwa teen 1727 nog onder die beheer van die Venda.
- Teen 1700 verloor die Mmopa wat van baKoni-afkoms is, hulle status as vroueverskaffers aan die baPhalaborwa-koningshuis (wat reeds die baMalatji van Bokgalaka was?).
- In 1740 word Mothatewaleopeng en Sekgothosammoto belangrike groepe in politieke gebeure. Invloede vanuit die ooste verbreek die Venda se monopolie en beheer oor die produksie van yster en koper. Handelsbetrekkinge word nou uitgebrei na die Pietersburg-omgewing en die oostelike kusgebied.
- In die middel van die agtiende eeu (1750) volg 'n periode van oorlog. Terreine word gefortifiseer en teen koppies gebou. Mothatewaleopeng word die dominante politieke figuur in die tyd - "die groot Malatji" - wat waarskynlik optree as bemiddelaar tussen wedywerende oostelike- en noordelike groepe. In die tydperk het Mukholobe 'n monopolie met betrekking tot die vervaardiging van skoffelpiklemme. Ook die Shokane word nou onderwerp terwyl Mothatewaleopeng huwelike sluit met verskeie ou maar prestige liniegroeperings in Phalaborwa ten einde groter aansprake op opvolgingsreg aan sy opvolgers te gee. Ook arriveer die eerste gewere nou in Phalaborwa wat 'n rol speel in die magstryd. Groepe vanuit die ooste soos die Mojela en ander vroeë Nguni-sprekendes,

- vestig hulle op die oostelike grensgebiede van Phalaborwa om 'n opkomende invloedseer hier te bou (op. cit. p.271-272).
- Gedurende die laat agtiende eeu (ca1770) volg die opvolgingsdispuut tussen Kgashane en Lepane. Lepane verdrink met sy vlugtog in die Letabarivier. In die tydperk arriveer verskillende groepe in die Phalaborwa-omgewing. Die Pilusa arriveer uit die ooste en vestig hulle by die Mashale by Selongwe. Hulle bring 'n eie ystertegnologie, metallurgiese towerpraktyke en medisynes waarmee reën gemaak word. Die багаSelepe geweervervaardigers vestig hulle by sleutelterreine tussen Kgopolwe en Sealeng, terwyl ook die Nkwane uit die ooste arriveer en spiese vervaardig naby Selongwe. Kgashane verskuif sy stat vanaf Makwibidung na Modumeleng in die suidweste van Phalaborwa en ding met Mosholwane by Sealeng mee om die kapteinskap.
 - In dieselfde tydperk (ca 1800) verseker Kgashane, Meele se opvolgingsreg. Die Mathipa word nou vroueverskaffers vir die baMalatji. Ook word 'n alliansie tussen die baKoni van Mafefe en die baPedi gesluit. 'n Opvolgingsdispuut volg tussen Meele en Manabe van Sekgopo. In die tydperk vervul veral die Nkwane van Sebatini 'n belangrike politieke rol. Nie alleen neem hulle beheer oor Sealeng en Loolekop (en dus die metaalproduksiebedryf van die gebied) oor nie, maar tree hulle ook op as beskermhere vir die kapteinskap van Meele deur Mosholwane sodoende te isoleer. Ook word Mabu, die seun van Mapotomane van 'n Monyaela-vrou, 'n bondgenoot van Meele. In die tyd vlug ook Ramatladi en sy volgelinge na Bolobedu, Thabina en Mapulaneng. Die Nkwane verhandel nou spiese met behulp van Hlame-handelaars aan die Swazi.
 - In die vroeë negentiende eeu (ca1800) word Masalani van Bokgalaka die **ngaka** van Meele, terwyl Makekele sy opleiding as **ngaka** in Bokgalaka ondergaan. In die tydperk arriveer die eerste Mahlongane vanuit die ooste en word "kliënte" van Meele wat sy **mosate** verskuif na Sealeng.
 - Gedurende 1820 word Mphalakanye van Nagome 'n bondgenoot van Meele terwyl die Pilusa, Nkwane en Monyaela die **noko** as totem aanvaar. Ook word diplomatieke bande gesluit met Mamabolo en die baSai (op. cit. p.305-306).
 - In of voor 1820 keer Makekele terug as **ngaka** van Bokgalaka. Hy verdryf die Seale van Sealeng en maak dit sy **mosate**. Hy verdryf Paane van Mabadika en Nagome in 'n opvolgingsdispuut na Mapulaneng. In die tydperk volg ook die Difaqane, die baKgema invalle in Phalaborwa en die vestiging van die baSai by die Ga-Masišimale-heuwels.
 - In 1830 volg Makekele se botsings met die Swazi wat Sekgopo, Mading en Nagome aanval, maar wat by Sealeng verdryf word. Die Swazi word nou ook verpletterend verslaan deur die baMalatji en bondgenote in Bokgalaka.

- In 1840 vestig Albasini en die Magwamba-Shangana 'n ivoorhandelstasie by Skukuza in die NKW en val Makekele aan by Sealeng.
- In 1850 breek Majaji weg van Makekele se heerskappy met die hulp van Shangana en dra Sekgopo oor in 'n oostelike belangesfeer.
- In 1867 het Fernandez das Neves waarskynlik vir Makekele, wat reeds gevorderd in jare was, in Phalaborwa ontmoet gedurende 'n jagekspedisie.
- In 1870 volg 'n opvolgingsdispuut tussen Lepato van Kgopolwe en Majaji van Sekgopo, die seuns van Makekele. Lepato vlug na Thabina en word later as **kgosi** bevestig by Kgopolwe waar die eerste Christelike sendelinge in 1880 ontvang word.
- Die baPhalaborwa bly egter in faksies verdeel tot vandag toe (op. cit. p.342-344). Uit bogenoemde gegewens kan sekere hoogtepunte betreffende die baPhalaborwa se voorgeskiedenis en geskiedenis uitgesonder word. Die volgende gebeure is veral tersaaklik vir die navorsing van die proefskrif:
- Dit is duidelik dat die grotere Phalaborwa-omgewing vanaf ca1600 onder die beheer van die Venda geval het. Die invloed is eers na 1727 verbreek waarna handelsbetrekkinge na die weste, ooste en suide uitgebrei is (Scully 1979). Dit mag 'n verhoogde aanvraag na metaalartikels geskep het, sodat die produksie van metaalartikels vanaf dié tydperk toegeneem het. Dit is waarskynlik in die tydperk dat die "ware" baMalatji hulle vanuit die suide, waar vroeë Sotho-groepe voorgekom het (vgl. Ziervogel 1954), hulle in Phalaborwa - "wat beter as die suide was" - gevestig het. Die aantrekkingskrag van Phalaborwa se minerale, mag 'n rol in die vestiging gespeel het.
- Die vestiging van die baMalatji by Nagome en/of Loolekop en die vroeë bondgenootskap wat met die Shokane ontwikkel, sou uiteindelik beslag gee aan een invloedssfeer onder die baPhalaborwa, nl. die van die Masêkê-Malatji (Scully 1978) (Figuur 10).
- In die middel van die agtiende eeu (1750) volg 'n periode van onrus bestaande uit oorloë. Terreine word nou teenaan en op koppies aangelê. Groepe uit die ooste soos die Mojela en vroeë Nguni-sprekendes begin met die opbou van 'n oostelike invloedssfeer (Scully 1978) wat verder sou bydra tot die uiteindelijke vorming van drie invloedsfere onder die baPhalaborwa (Figuur 10).
- Vanaf die laat agtiende eeu arriveer verskillende groepe vanuit verskillende gebiede met 'n kennis van metaalbewerking in die Phalaborwa-omgewing. Die Pilusa en Nkuwane kom uit die ooste. Eersgenoemde vestig hulle by die Mashale by Selonge. Die Nkwane vestig hulle by Sebatini en vervaardig spiespunte naby Selongwe. Die багаSelepe uit Bokgalaka vestig hulle by terreine tussen Kgopolwe en Sealeng. In die tydperk raak Hlame-handelaars bedrywig

met die verhandeling van die vervaardigde metaalprodukte (Scully 1978).

- In die vroeë negentiende eeu arriveer nog groepe, bv. die Mahlongane-Shangana, in Phalaborwa. Die kapteinskap van die baPhalaborwa verwissel nou veral tussen kapteins wat hulle by óf Kgopolwe óf Sealeng vestig. Die Phalaborwa-kapteinskap bly in die liniegroepe wat die twee terreine bewoon en gee beslag aan dié derde groep baPhalaborwa wat vandag nog onderskei kan word, nl. die Makushane-Malatji (Scully 1978) (vgl. Figuur 10).
- In die eerste helfte van die agtiende eeu volg die Difaqane en baKgema wat benewens die vroeëre vestiging van die baSai in die omgewing, ook lei tot ontwortelde gemeenskappe se permanente verblyf in die omgewing. Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu neem die produksie van yster en daarna koper af weens o.a. die binnekoms van "moderne" metaalartikels.

Bogenoemde besonderhede verskaf 'n benaderde chronologie van gebeure wat met die ondersoekte en gedateerde argeologiese oorblyfsels in verband gebring kan word. Benewens bogenoemde etnohistoriese inligting, is ook verdere mondelinge oorleweringe benut om meer lig te werp op die metaalbewerkers van Phalaborwa en nie net hulle oorblyfsels nie.